# DIE ASSISTENT-SIELKUNDIGE IN DIE SIELKUNDIGE EN VOORLIGTINGSDIENS VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYS=DEPARTEMENT

---

deur Giovanni Urbani
M.A.(Maatskaplike Werk), B.Ed.(Voorligting)
T.H.O.D.

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad MAGISTER EDUCATIONIS in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Leier: Prof. dr. H.B. Kruger

Potchefstroom
November 1974

## DANKBETUIGING

By die voltooiing van hierdie studie wil ek graag my opregte dank betuig aan my studieleier, prof. dr. H.B. Kruger. Sy insig, leiding en belangstelling het dit vir my 'n besondere voorreg ge=maak om onder hom te kon werk.

Aan dr. P.J. van Zyl my dank vir sy sinvolle voorstelle.

Aan ander dosente verbonde aan die Fakulteit Opvoedkunde en Departement Maatskaplike Werk, PU vir CHO, vir vorming tydens vorige studie.

Verder wil ek graag dank betuig aan:

Riana en die seuns wat baie moes opoffer om hierdie studie moont=lik te maak.

Mnr. Chris Bosman, voorsitter van die kinderleidingkliniek te Middelburg, Transvaal. Sy bekwaamheid en visie het 'n betekenis=volle bydrae gelewer.

Die Onderwysburo van die T.O.D. wat toestemming gegee het.

Mev. C.S. Kahl vir die puik tikwerk.

Julia Landau wat verantwoordelik was vir die taalkundige ver=sorging; en Memfred Thompson vir hulp met die "Abstract".

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 - INLEIDING

1.1 Oriëntering 1
1.2 Doel van die ondersoek 2
1.3 Afbakening van die studieveld 3
1.4 Metode 4
1.5 Prinsipiële benadering 4
1.6 Begripsomskrywing 6
1.7 Program van Ondersoek 13

HOOFSTUK 2 - DIE SIELKUNDIGE EN VOORLIGTINGSDIENS VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT; 'N KURSORIESE OORSIG

2.1 Inleiding 14
2.2 Ontstaan 15
2.3 Uitbreiding 15
2.4 Huidige stand van die diens 30
2.5 Samevatting 31

HOOFSTUK 3 - DIE ONTWIKKELING VAN DIE POS "ASSISTENT-SIEL=KUNDIGE" IN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT

3.1 Inleiding 33
3.2 Probleemkinders en kinderleidingklinieke 33

3.3 Loopspruitkliniekskool 34
3.4 Uitbreiding van die assistent-sielkundigediens 37
3.5 Huidige stand met betrekking tot die assistent-sielkundige= diens 42.
3.6 Samevatting 43

HOOFSTUK 4 - DIE ONTWIKKELING VAN RELEVANTE POSTE IN DIE V.S.A., NEDERLAND EN ENGELAND

4.1 Inleiding 44
4.2 V.S.A. 45
4.3 Nederland 53
4.4 Engeland 56
4.5 Samevatting 60

HOOFSTUK 5 - DIE TERREIN EN FUNKSIE VAN DIE ASSISTENT-SIELKUNDIGE

5.1 Inleiding 62
5.2 Tematiese uiteensetting van die terrein en funksie van die assistent-sielkundige 62
5.2.1 Die voorkoming van jeugmisdaad 62
5.2.2 Die plasing en nasorg van leerlinge 64
5.2.3 Huisbesoeke 65
5.2.4 Skakelwerk 66
5.2.5 Die voorkoming van stokkiesdraaiery 67
5.2.6 Die tref van vakansiereëlings vir kliniekskool= leerlinge 68
5.2.7 Rehabilitasie van ouers en kinders 68
5.2.8 Verslae 69

5.2.9 Die hantering van gedragsafwykende leerlinge 69
5.3 Opleidingsvereistes 70
5.4 Kritiese oorsig 73
5.5 Samevatting 77

HOOFSTUK 6 - SINTESE EN PERSPEKTIEF

6.1 Inleiding 79
6.2 Terrein en funksie van die skoolsielkundige (maatskap=lik) 80
6.2.1 Die versorging van leerlinge met opvoedkundig-maatskap=like probleme 80
6.2.2 Aanmelding 80
6.2.3 Besoek aan die skool 81
6.2.4 Huisbesoeke 82
6.2.5 Verslae 82
6.2.6 Plasing van leerlinge in skoolkoshuise 83
6.2.7 Kliniekskoolleerlinge 84
6.2.8 Nasorgwerk 87
6.2.9 Vrystelling van verpligte skoolbywoning 87
6.2.10 Skakeling met ander instansies 88
6.2.11 Voorkomingsdienste 90
6.2.12 Vertroulikheid 90
6.3 Selfstandigheid van die dissipline 91
6.4 Opleidingsvereistes 91
6.5 Benaming 93
6.6 Status en salarisstruktuur 93
6.7 Samevatting 94

HOOFSTUK 7 - GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS 95

GERAADPLEEGDE BRONNE 100

BYLAE A 106

BYLAE B 107

BYLAE C 109

BYLAE D 111

BYLAE E 112

ABSTRACT 113

HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 Oriëntering

Die sielkundige en voorligtingsdiens is 'n hulpdiens wat deur die Transvaalse Onderwysdepartement daargestel is met die oog op probleme wat in die skool- en gesinsituasie mag opduik. Op 30 Junie 1974 was daar 24 kinderleidingkli= nieke met 'n postetal van altesaam 161. Hierdie kinder= leidingklinieke bedien die 24 inspeksiekringe waarin Trans= vaal verdeel is. Aan elkeen van hierdie klinieke is 'n assistent-sielkundige verbonde[1].

Ten einde betekenisvolle diens te kan lewer is dit noodsaak= lik dat die assistent-sielkundige opgelei moet wees en dat hy as opvoedkundige presies moet weet wat sy terrein en funksie is. Uit die aard van laasgenoemde sal dit duidelik na vore kom dat hy 'n professionele opvoedkundige moet wees wat aan sekere definitiewe vereistes moet voldoen[2].

---

1) Onderwysnuusflitse, nr. 39, Junie 1974, p. 2.

2) Kruger, H.B. Die praktyk van skoolvoorligting in die era van gedifferensieerde onderwys, met besondere verwysing na skole in Transvaal, p. 15.

Die minimum vereistes vir aanstelling in die pos van assis=tent-sielkundige is tans indeling in kategorie "C" (drie jaar opleiding nā verwerwing van die standerd 10-sertifi=kaat) en sewe jaar onderwyservaring[3]. Nêrens word 'n pre=siese ad hoc omskrywing van die terrein en funksie van die assistent-sielkundige aangetref nie. As gevolg hiervan en uit praktiese ervaring as assistent-sielkundige is tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n reële behoefte aan hierdie studie bestaan. Selfs die niksseggende benaming "assistent-sielkundige" kan aanleiding gee tot misbruik, daar dit uit hierdie studie sal blyk dat die assistent-sielkundige primêr opvoedkundige is wat ook geskool moet wees in maatskaplike werk en sielkunde.

Dat daar behoefte aan hierdie studie bestaan, blyk ook uit persoonlike gesprekke wat met hoofamptenare van die Trans=vaalse Onderwysdepartement gevoer is.

## 1.2 Doel van die ondersoek

Die doel met hierdie studie is om ondersoek in te stel na die selfstandigheid van die assistent-sielkundige as inte=grale lid van die kinderleidingkliniek-span[4] deur te kom tot 'n duidelike omskrywing van sy terrein, funksie en op=leiding.

---

3) Die Provinsie Transvaal. Buitengewone provinsiale koerant, 2 Oktober 1974, p. 6.

4) Tot dusver is die term skoolkliniek deurgaans deur die T.O.D. gebruik. Dit blyk egter uit Onderwysnuusflitse, nr. 39 van Junie 1974 dat die benaming kinderleidingkliniek nou ook gebruik word.

## 1.3 Afbakening van die studieveld

Die assistent-sielkundige van die Transvaalse Onderwysdepar= tement is 'n lid van die personeel van vyf verbonde aan elke kinderleidingkliniek. Die ander vier poste verbonde aan die kliniek is soos volg: 'n skoolsielkundige (klinies), 'n skoolsielkundige (beroepsleiding)[5], 'n skoolsielkundige (ortodidakties) en 'n spraakterapeut.

In hierdie studie gaan dit primêr om die terrein, funksie en opleiding van die assistent-sielkundige, maar daar sal nood= wendig ook na die ander lede van die diens verwys word.

Alhoewel daar geen duidelike omskrywing van die funksie van die assistent-sielkundige gegee word nie, blyk uit die erva= ring van die praktyk dat die assistent-sielkundige die kind in die gesin- en skoolsituasie ten opsigte van afwykende ge= dragswyses verken en evalueer. In hierdie verband skakel hy met die ander afdelings van die sielkundige- en voorlig= tingsdiens, die skool, die ouers, welsynsorganisasies, land= droste en ander instansies in verband met plasing van leer= linge in pleegsorg, nywerheidskole, koshuise of kliniek= skole. Nasorgwerk met die oog op voortgesette rehabilita= sie maak verder 'n belangrike deel van sy werk uit.

---

5) Tot dusver is die term skoolsielkundige (voorligting) deur die T.O.D. gebruik. Dit blyk egter uit <u>Onderwysnuusflitse</u>, nr. 39 van Junie 1974 dat die benaming sielkundige (beroeps= leiding) nou ook gebruik word.

## 1.4 Metode

Die gegewens wat gebruik word in dië ondersoek is hoofsaak=lik verkry uit Suid-Afrikaanse en buitelandse literatuur.

Toestemming is verkry van die Transvaalse Onderwysdeparte=ment - Onderwysburo om hierdie studie te onderneem.

Ten einde helderheid te kry in verband met die prinsipiële benadering wat by hierdie ondersoek van toepassing is, volg nou enkele gedagtes hieroor.

## 1.5 Prinsipiële benadering

Die assistent-sielkundige werk met die mens. Daar is baie verskillende sienings oor die mens, byvoorbeeld die humanis=tiese, fenomenologiese, pragmatistiese en nihilistiese be=skouings. In hierdie studie word die mens benader vanuit die Christelike beskouing - en wel vanuit die Calvinisties-Christelike beskouing.

Die mens met wie die assistent-sielkundige gekonfronteer word het probleme. Die assistent-sielkundige wat uitgaan van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing kan die mens met sy probleme nooit los dink van sy verhouding tot God nie. Volgens Bouma wys Calvyn daarop dat die mens nooit kenbaar is as hy beskou word as 'n afgeslote eenheid nie[6]. Dit gaan vir die assistent-sielkundige om die totale werkli=ke mens, wat alleen mens is in sy relasie tot God - sonder

---

6) Van der Linden, H.B. Van nummer tot mens, p. 170.

God kan die mens nie bedink word nie; dit is 'n voorwaarde waarsonder dit onmoontlik is om iets oor die mens te sê[7].

Die assistent-sielkundige is as professionele opvoedkundige besig om lewens- en wêreldbeskoulik sy professie te beoefen. Sy hulp wat hy bied aan die mens in nood, is gefundeer in sy (deur God gegewe) roeping[8]. Van Wyk[9] konstateer dat by wetenskapsbeoefening, soos by alle ander menslike aktiwitei= te, die hele mens betrokke is. Die mens is volgens Stoker[10] as kensubjek met sy religieuse oortuigings direk en totalitêr betrokke by die beoefening van die Opvoedkunde. Omdat die mens na die beeld van God geskape is, vra hy na die Oorsprongsgrond van die dinge. Die antwoord wat hy op hierdie vraag gee, hang af van sy lewensbeskouing en dié hang weer af van die gerigtheid van die hart van die mens.

Slegs dié assistent-sielkundige wat self geloofsekerheid in Christus verkry het, begryp die grootste nood van die mens, naamlik sy verlange om in vrede met God te leef deur aan= vaarding van Sy Seun as persoonlike Saligmaker.

---

7) Terblanche, T.J. Die implikasies van 'n wetenskapsbeskou= ing veral met betrekking tot die opvoedkunde aan 'n chris= telike onderwysersopleidingsinrigting, pp. 22-25.

8) Schutte, B.C. Die roepinggedagte in die opvoedkunde en opvoeding. Onderwysblad vir Christelike en Nasionale Onderwys en Opvoeding. Orgaan van die Transvaalse Onder= wysvereniging, Oktober 1971, pp. 195-201.

9) Van Wyk, J.H. Enkele inleidende opmerkings in verband met Christelike wetenskap met die oog op die beoefening van die Christelike opvoedkunde, p. 1.

10) Stoker, H.G. Beginsels en metodes in die wetenskap, p. 257.

Die plek van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing in die werk van die assistent-sielkundige kom treffend uit in die woorde van Van Dijk wanneer hy sê: "De kennis daarom= trent (menszijn) hangt aan theoretisch-wetenschaplijk onbe= wijsbare vooronderstellingen, die voor de christendenker ge= geven zijn in de in het geloof aanvaarde goddelijke Woord= openbaring in Christus Jezus"[11]. Die Bybel openbaar aan ons dat die mens deur God geskape is na Sy beeld en gelyke= nis. Hy het die mens ewigheidswaarde gegee en dit beteken onder andere dat die mens verantwoordelikheid opgelê is en nie in dierlike onbewustheid mag lewe nie, maar tot bewus= wording van sy oorsprong, roeping en bestemming moet kom[12].

Die assistent-sielkundige wat die kind met probleme help, moet deeglik opgelei wees. Hy is primêr 'n opvoedkundige wat ook geskool is in maatskaplike werk en sielkunde. Sy Christelike lewens- en wêreldbeskouing is bepalend ten op= sigte van sy benadering van die kind en laasgenoemde word deur hom beskou as God se kind. Die hulp wat hy bied word uit roepingsbewustheid aangebied.

## 1.6 Begripsomskrywing

Aangesien daar in hierdie studie verwys sal word na ver= skillende begrippe, is dit nodig om aandag te gee aan die belangrikstes daarvan.

---

11) Van Dijk, R. Mens en medemens, p. 20.

12) Banning, W. Sociale ethiek, p. 13;
Van der Walt, K. Roeping in perspektief. Korps Veritas Vincet (K.V.V.), Augustus 1974, pp. 1-5.

(1) Afwykende gedrag

Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek vir Maatskaplike Werk omskryf afwykende gedrag soos volg: "Optrede wat verskil van of in stryd is met maatskaplik aanvaarde norme binne 'n groep of stelsel"[13]. In die konteks van hierdie studie beteken dit dus gedrag deur die skoolgaande kind wat van so 'n aard is dat hy binne of buite die skoolsituasie in bot= sing kom met die aanvaarde gedragspatrone. Diefstal en dwelmmiddelmisbruik is slegs twee voorbeelde van sulke af= wykende gedrag.

(2) Jeughof

Dit is 'n strafhof vir die verhoor van jeugdige oortreders. Onder laasgenoemde word verstaan 'n persoon wat onder agtien jaar oud is en aan 'n misdryf skuldig bevind mag word. "Misdryf" is 'n daad of versuim wat regtens strafbaar is[14]. Dieselfde vertroulike omstandighede wat by 'n kinderhof toegepas word, is ook hier van toepassing (vgl. (4)).

(3) Jeugmisdaad

Onder jeugmisdaad word verstaan 'n "handeling of versuim van ernstige aard wat regtens strafbaar is, deur 'n persoon onder agtien (jaar)"[15]. 'n Voorbeeld hiervan is 'n

---

13) Departement van Volkswelsyn en Pensioene, Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, Verklarende Afrikaanse Woordeboek vir Maatskaplike Werk, p. 3.

14) Ibid., pp. 30, 42.

15) Ibid., p. 30.

leerling wat hom aan winkeldiefstal skuldig maak, miskien ter wille van die waaghalsigheid daarvan, aangesien hy deur sy maats uitgedaag is.

(4) Kinderhof

Hieronder word verstaan 'n "hof wat vir 'n bepaalde gebied ingestel is om ondersoek te doen na en beslissings te gee oor aangeleenthede rakende die beskerming en welsyn van kinders"[16]. 'n Kinderhof hou meestal sitting in 'n ander vertrek as dié waarin 'n ander hof gebruiklik byeenkom, by= voorbeeld die landdros se kantoor. Slegs dié persone wie se teenwoordigheid nodig is in verband met die verrigtings, word toegelaat in die kinderhof. Die volgende persone is 'n tipiese voorbeeld van só 'n samekoms: die kind, sy ouer of ouers, die landdros, die publieke aanklaer, die volks= welsynbeampte en indien nodig, die assistent-sielkundige[17].

(5) Kommissaris van Kindersorg

Dit is 'n "landdros wat aangestel is om bepaalde pligte in= gevolge die Kinderwet te onderneem in die gebied wat onder hom ressorteer"[18].

---

16) Ibid., p. 31.

17) Die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960) (soos gewysig), p. 12.

18) Departement van Volkswelsyn en Pensioene, Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, Verklarende Afrikaanse Woordeboek vir Maatskaplike Werk, p. 33.

(6) Maatskaplike Werk

Maatskaplike Werk word deur Muller soos volg omskryf: "Maat=skaplike werk is 'n professionele diens gebaseer op sekere onderliggende beginsels, wetenskaplike kennis en 'n bedre=wenheid in menslike verhoudings waardeur individue, alleen of in groepe, bygestaan word om die hoogste moontlike graad van maatskaplike, geestelike en fisiese welsyn te bereik. Ten einde dit te bewerkstellig het maatskaplike werk 'n twee=ledige funksie deurdat dit nie alleen met die individu, groep of gemeenskap gemoeid is nie, maar ook met die verbe=tering van maatskaplike toestande deur 'n bydrae te lewer ten opsigte van beter lewenstandaard, gesondheid, behuising, arbeidstoestande en maatskaplike wetgewing. Hierdie taak word gewoonlik verrig binne die kader van 'n welsynsorgani=sasie of verwante liggaam en behels aktiwiteite van drieër=lei aard, naamlik herstel van belemmerde kapasiteite, voor=siening van individuele sowel as maatskaplike bronne/fasili=teite en voorkoming van maatskaplike wanfunksionering"[19].

Die Christelike Maatskaplike Werker erken en bely sy diepe afhanklikheid van God Drieënig in die vervulling van sy be=roep en beskou sy beroep daarom as sy roeping[20].

---

19) Muller, A. Opleiding vir maatskaplike werk met spesiale verwysing na Suid-Afrika, p. 10.

20) Eloff, D.J. Enkele aspekte van belang by die ontstaan en ontwikkeling van maatskaplike werk, pp. 142-146.

(7) Maatskaplike Werker

Dit is 'n "persoon wat die professie van maatskaplike werk beoefen"[21]. Die Christelike Maatskaplike Werker aanvaar die Christelik gefundeerde mens- en lewensbeskouing vir die sinvolle beoefening van hierdie professie. Hy openbaar die gesindheid van Christus wat gekom het om te dien.

(8) Skoolsielkundige (maatskaplik)

Vir die doeleindes van hierdie studie word die skoolsielkun= dige (maatskaplik) beskou as 'n professionele opvoedkundige, gewoonlik verbonde aan 'n kinderleidingkliniek, wat ten be= hoewe van die opvoedeling 'n gespesialiseerde diens lewer wat gebaseer is op sy kennis en begrip van menslike gedrag, sy bedrewenheid in onderhoudvoering en sy vermoë om gemeen= skapsbronne te utiliseer.

(9) Sorgbehoewende Kind

Die Kinderwet, 1960, definieer "sorgbehoewendheid" soos volg: "'n kind -

(a) wat verlaat of sonder waarneembare bestaansmiddele is; of
(b) wat geen ouer of voog het nie, of wat ouers of 'n ouer of voog het wat geen behoorlike beheer oor die kind

---

21) Departement van Volkswelsyn en Pensioene, Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, Verklarende Afrikaanse Woordeboek vir Maatskaplike Werk, p. 40.

uitoefen nie, of onbevoeg is om sodanige beheer uit te oefen; of

(c) wat in die sorg van 'n persoon is wat skuldig bevind is aan 'n misdryf vermeld in die Eerste Bylae by hierdie Wet, begaan ten opsigte van of in verband met daardie kind; of

(d) wat nie deur sy ouers of voog of die persoon in wie se bewaring hy is, beheer kan word nie; of

(e) wat hom dikwels aan skoolversuim skuldig maak; of

(f) wat omgaan met 'n onsedelike of slegte persoon, of wat andersins onder omstandighede leef wat waarskynlik die verleiding, verslegting of prostitusie van die kind sal veroorsaak of in die hand sal werk; of

(g) (i) wat bedel; of

(ii) wat minder as twaalf jaar oud is en enige soort straathandel dryf binne die regsgebied van 'n plaaslike bestuur tensy daardie plaaslike bestuur deur middel van verordenings ingevolge artikel twee-en-twintig of 'n ander wet uitgevaardig, voorgeskryf het dat so 'n kind daardie soort straathandel mag dryf en tensy hy dit doen oor= eenkomstig verordenings ingevolge artikel twee-en-twintig uitgevaardig; of

(iii) wat nie minder as twaalf jaar nie maar minder as sestien jaar oud is en enige soort straathandel dryf binne die regsgebied van 'n plaaslike bestuur in stryd met verordenings wat daardie plaaslike bestuur ingevolge artikel twee-en-twintig uitge= vaardig het; of

(h) wat onderhou word weg van sy ouers of voog af onder huislike omstandighede wat met die belange van die kind

in stryd is en wie se ouers of voog nie opgespoor kan word nie, of versuim het om behoorlike voorsiening vir die versorging en bewaring van die kind te maak, alhoe=wel hulle aangesê is om dit te doen; of

(i) wat in 'n toestand van fisiese of geestelike verwaarlo=sing verkeer"[22].

Die sorgbehoewende kind is 'n kind wat volgens 'n bevinding van die kinderhof onder omstandighede lewe wat vir sy lig=gaamlike, geestelike en maatskaplike ontwikkeling en welsyn nadelig is, of oor wie die ouer of voog nie behoorlike be=heer kan uitoefen nie[23]. Die voorafgaande omskrywings van sorgbehoewendheid kan tot die volgende nege begrippe gere=duseer word, naamlik

1 Behoeftigheid
2 Onvoldoende toesig
3 Verband met misdaad
4 Onbeheerbaarheid
5 Skoolversuim
6 Verband met onsedelikheid
7 Bedelary
8 Geen toesig
9 Mishandeling en verwaarlosing[24].

---

22) Die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960) (soos gewysig) p. 8.

23) Ibid., p. 59.

24) Urbani, G. Die voorsiening in die maatskaplike behoeftes van kinders in kinderhuise deur die inrigtingspersoneel, pp. 42-43.

## 1.7 Program van Ondersoek

Die ondersoek bied in hoofstuk 2 'n kursoriese oorsig oor die geskiedenis van die sielkundige en voorligtingsdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement.

Die ontwikkeling van die pos "assistent-sielkundige" in die Transvaalse Onderwysdepartement word in hoofstuk 3 uiteen=gesit.

Die ontwikkeling van relevante poste in die V.S.A., Neder=land en Engeland word in hoofstuk 4 behandel.

In hoofstuk 5 word die terrein en funksie van die assistent-sielkundige bespreek.

'n Sintese en perspektief word in hoofstuk 6 aangebied, ter=wyl gevolgtrekkings en sekere aanbevelings in hoofstuk 7 gegee word.

HOOFSTUK 2

# DIE SIELKUNDIGE EN VOORLIGTINGSDIENS VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT; 'N KURSORIESE OORSIG

## 2.1 Inleiding

Die sielkundige en voorligtingsdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement word beskou as 'n hulpdiens, terwyl poste vir hierdie aspek van die onderwys nie verbonde is aan pro= vinsiale onderwysinrigtings nie[1].

Hierdie diens omvat die werksaamhede van die skoolsielkundige (voorligting), die skoolsielkundige (klinies) die skoolsiel= kundige (ortodidakties), die assistent-skoolsielkundige (be= soekend) en die spraakterapeut[2].

In hierdie hoofstuk sal vervolgens aandag gegee word aan die ontstaan, uitbreiding en huidige stand van die sielkun= dige en voorligtingsdiens.

---

1) Die Provinsie Transvaal, Buitengewone offisiële koerant, 10 April 1974, p. 14.

2) Kruger, H.B. Die sielkundige en voorligtingsdienste van die onderwysdepartemente in die R.S.A. en in S.W.A., pp. 7-8.

## 2.2 Ontstaan

Die begin van die sielkundige en voorligtingsdiens kan herlei word tot die aanstelling van dr. C.L. Leipoldt as me= diese inspekteur van skole in Transvaal in 1913[3]. Hierdie versiende en begaafde man het onmiddellik die daarstelling van 'n spesiale skool vir verstandelik-vertraagde leerlinge bepleit. Hy het ook die eerste skoolkliniek in Johannesburg bepleit[4]. Sy werk was hoofsaaklik dié van medikus en in 1917 is hy bygestaan deur vyf spesialiste. Hy beskou sy grootste taak dié van "de publieke gezondheid" en bepleit dat die "volste gelegenheid en hulp gegeven worden voor opvoeden= de propaganda onder de ouders en het publiek in't algemeen, om het geweten wakker te schudden met betrekking tot publieke gezondheid"[5]. In November 1918 word Leipoldt se skoolkli= niek in Johannesburg 'n werklikheid[6].

## 2.3 Uitbreiding

Teen die einde van 1920 word een deeltydse psigiater en 'n klein skoolkliniek te Johannesburg aangetref[7]. In 1936 is drie skoolkliniekgeboue opgerig; een elk te Johannesburg, Pretoria en Potchefstroom. Gedurende dieselfde jaar word dr. A.J. Valks benoem as psigoloog van die Departement en hierdie aanstelling word deur die destydse direkteur van

---

3) T.O.D.-verslag, 1913, p. 7.

4) Loc. cit.

5) Verslag van die onderwyskommissie, 1917, p. 81.

6) Loc. cit. (Hierdie kliniek was 'n gekombineerde kliniek (medies en sielkundig)).

7) T.O.D.-verslag, 1936, p. 83.

onderwys van Transvaal beskryf as "'n belangrike stap voren=toe in verband met die behandeling van die agterlike en ver=traagde kind"[8]. Dr. Valks moes as inspekteur-psigoloog saam met die mediese inspekteurs werk[9]. Dr. M.J. Prinsloo word tereg deur Kruger[10] beskou as die eerste beroepsvoor=ligter in Transvaal.

In 1938 het die departementele psigoloog se funksies hoof=saaklik die toetsing van kinders vir spesiale onderwys be=hels, sowel as "die altyd uitbreidende briefwisseling, ad=vies en voorligting aan agerende leerkragte, beoordeling van alle rekwisisies vir spesiale onderwys, lesings aan normaal=kolleges ens., en nou en dan hulp aan inspekteurs by inspek=sies"[11]. Hy is ook belas met die hou van argiewe en rap=porte van beroepsplasings van leerlinge. Betekenisvol is sy opmerking dat sy taak ten opsigte van raad aan skoolhoof=de en die inspeksie van spesiale klasse sô omvangryk geword het dat hy besonder baie tyd hieraan moes afstaan. Hy maak ook die belangrike opmerking dat die milieu waaruit baie af=wykende leerlinge getrek word, sub-ekonomies is en dat dié soort gesinne gedurig rondtrek op soek na werk en dat hulle 'n poging aanwend om aan finansiële druk te ontsnap[12]. Hierdie opmerking kan dus by implikasie beskou word as die eerste op-skrif-gestelde formulering van die behoefte aan 'n sosio-pedagoog of 'n assistent-sielkundige (besoekend).

---

8) T.O.D.-verslag, 1936, p. 17.

9) Ibid., pp. 84-85.

10) Kruger, H.B. Die sielkundige en voorligtingsdienste ..., p. 1.

11) T.O.D.-verslag, 1937, p. 85.

12) Loc. cit.

Uit die verslag van die beroepsvoorligter[13] aan die einde van 1939 blyk dit dat hy 39 skole besoek het, asook die Jeugrade, die Departement van Arbeid, Spoorweë en Poswese, en die Spesiale Diensbataljon. Hy betreur die gebrek aan tyd wat daartoe gelei het dat hy geen direkte aanraking met die beroepswêreld kon bewerkstellig nie, maar is verheug oor die besluit van die Uitvoerende Komitee om nog 'n beroeps=voorligter aan te stel[14]. Dr. Valks, die inspekteur-psigoloog, maak in sy verslag van 1939 die volgende opmer=kings: "Sommige onderwysers is maar te geneig om te beweer dat daar leerlinge is wat nie in staat is om in sekere eksa=mens te slaag nie. Dit is dan die doel van beroepsvoorlig=ting om, op grond van sulke sistematiese versamelde gegewens oor 'n aantal jare, kinders aan te moedig om op skool te bly totdat hulle minstens die laags bereikbare onderwyspeil be=haal het en om die oorgang na beroepskole op 'n meer rasio=nele basis te grondves"[15]. Hieruit blyk dat daar onderwy=sers was wat die probleem van die verstandelik-vertraagde leerling nie goed begryp het nie. Verder gee dit sy siening van die taak van die beroepsvoorligter.

Die inspekteur-psigoloog, dr. Valks, rapporteer teen die einde van 1939 dat hy 26 spesiale klasse het om te bedien. Sy werk behels die toetsing en verwysing van leerlinge na spesiale klasse; hy gee ook voorlesings aan onderwysers wat opleiding kry in spesiale onderwys aan die

---

13) Die benaming "beroepsvoorligter" word in die verslag as sinoniem vir "departementele psigoloog" gebruik.

14) T.O.D.-verslag, 1939, p. 155.

15) Ibid., p. 156.

Normaalskool, Potchefstroom[16].

Vanaf die begin van die derde kwartaal gedurende 1940 is die tweede beroepsvoorligter in Transvaal aangestel[17]. Die beroepsvoorligters het ook die noodsaaklikheid daarvan be= pleit dat elke skool 'n halfuur per week moes wy aan leer= linge se spesifieke beroepstoekoms[18]. Die departementele psigoloog het die noodsaaklike besoeke by huise van kinders wat nie behoorlik vorder nie, beklemtoon[19].

Gedurende 1941 bedank dr. A.J. Valks as inspekteur-psigo= loog en sy pos, wat nog steeds onder skoolgeneeskundige dienste[20] ressorteer, sou in die begin van 1942 gevul word deur dr. Elizabeth du Preez. Daar is ook op twee addisio= nele beroepsvoorligtingsposte besluit[21]. Verder is in hierdie jaar besluit om 'n individuele leerlingverslagkaart in die skole aan te lê[22].

Teen die begin van 1942 aanvaar dr. Elizabeth du Preez die vakante pos van dr. Valks en nadat sy 'n jaar diens gelewer

---

16) Ibid., p. 162.

17) T.O.D.-verslag, 1940, p. 80. Hierdie tweede beroepsvoorlig= ter se naam word nie in die verslag gegee nie.

18) Ibid., p. 87.

19) Ibid., p. 90.

20) Dit blyk dat skoolgeneeskundige dienste en mediese dienste as sinonieme gebruik word - vgl. T.O.D.-verslae, 1949, p. 62; 1939, p. 27 en 1947, p. 56.

21) T.O.D.-verslag, 1941, p. 99.

22) Report of the commission on technical and vocational education, p. 206.

het, wys sy op die dringende noodsaaklikheid van meer siel=kundiges. Sy beveel ook aan: "(1) dat 'n aantal toetsers vir die psigoloog beskikbaar gestel word om die verskillende voorlopige toetse af te neem en daarmee behulpsaam te wees om die toetse, beide verstands- en skolasties, proefondervin=delik toe te pas en te standaardiseer; (2) dat die psigoloog die voorlopige toetse en bevindings van die toetsers sal na=gaan en die kinders vir plasing aanbeveel; (3) dat behoor=like fasiliteite by een of ander kliniek sal geskep word met die oog op kliniese werk"[23].

Aan die begin van die tweede kwartaal van 1943 het dr. A.J. Smuts sy werksaamhede as beroepsvoorligter begin, en dit het dus beteken dat elk van die vier wyke waarin die Transvaal verdeel is, een beroepsvoorligter gehad het[24].

Gedurende 1944 word twee addisionele poste van "assistent psigoloë"[25] geskep - volgens die psigoloog kon die werk as gevolg hiervan baie deegliker gedoen word[26].

Die verslag van die psigoloog vir 1945 sal in hoofstuk 4 vol=ledig behandel word, daar besondere verwysing gemaak word na "probleemkinders" en "gedragsafwykende kinders"[27]. Die behoefte aan ortodidaktici blyk ook uit hierdie verslag, waar

---

23) T.O.D.-verslag, 1942, p. 67.

24) T.O.D.-verslag, 1943, p. 112.

25) Hierdie assistent-psigoloë moet nie verwar word met die assistent-sielkundige nie; hulle moes volgens die verslag dieselfde werk doen as die sielkundige (klinies).

26) T.O.D.-verslag, 1944, p. 120.

27) T.O.D.-verslag, 1945, p. 139.

gepraat word van "remediese onderwys"[28].

In 1947 keur die Departement die aanstelling van onderwyser-voorligters goed en dië persone sou vanaf die begin van 1948 beroepsvoorligting as 'n verpligte nie-eksamenvak aan alle hoërskole gee. Vanaf die begin van 1948 sou 'n vyfde "beroepsadviseur"[29] aangestel word. 'n Leerplan vir be=roepsvoorligting word ook in 1947 gepubliseer[30].

Ingevolge wet no. 9 van 1948 word 'n tydelike toelaag van £1 000 deur die Administrasie aan die "Child Guidance Clinic" te Johannesburg toegesê[31]. Gedurende 1949 verskyn die Interdepartementele Verslag oor Afwykende Kinders sowel as die De Villiers-verslag. Albei sou bepalend wees vir die ontwikkeling van die Departement se sielkundige en voorligtingsdiens. Die noodsaaklikheid van aanpassings=klasse word ook in die verslae beklemtoon[32].

Die 1951-verslag oor die sielkundige dienste vestig die aan=dag daarop dat "slegs 'n klein gedeeltetjie van die leerlinge wat spesiale onderrig nodig het (met inbegrip van kliniese behandeling) bedien word en dat vier sielkundiges hoegenaamd nie in staat is om die hoeveelheid werk te behartig nie"[33].

---

28) T.O.D.-verslag, 1945, p. 140.

29) Tot dusver is die term beroepsvoorligter deur die T.O.D. ge=bruik. Dit blyk egter uit dië verslag dat die begrip be=roepsadviseur as sinoniem gebruik word.

30) T.O.D.-verslag, 1947, p. 121.

31) T.O.D.-verslag, 1949, p. 148.

32) Ibid., p. 150.

33) T.O.D.-verslag, 1951, p. 29.

Die Generaal Pienaar - Skoolplaaskomitee[34] se ondersoek (1951) ten opsigte van die daarstelling van Loopspruit Kliniekskool[35], word in detail in hoofstuk 3 gegee. In 1952 word Loopspruit Kliniekskool geopen en aan die einde van dié jaar word daar 86 leerlinge aangetref[36].

Gedurende Maart 1953 verlaat dr. N.J. du Preez[37] die Transvaal en gevolglik raak die inspekteur-sielkundige-pos vakant[38]. Hy word opgevolg deur dr. A.J. Groenewald[39]. In 1952 word 'n sielkundige en 'n besoekende onderwyser vir Loopspruitskool aangestel[40].

In 1953 is nog drie poste van junior psigoloë geskep. Die addisionele poste was nodig omdat die vier sielkundiges nie al die werk kon behartig nie[41].

---

34) Ibid., p. 88.

35) Die oorspronklike naam van die Loopspruit Kliniekskool was die Generaal Pienaar-skoolplaas. Dit is geleë te Klipdrif, naby Potchefstroom.

36) T.O.D.-verslag, 1952, p. 23.

37) Volgens T.O.D.-verslag, 1952, p. 29, was dr. N.J. du Preez reeds 10 jaar verbonde aan die sielkundige diens; wanneer hy as inspekteur-psigoloog by dr. Elizabeth du Preez oorgeneem het en wanneer laasgenoemde bedank of afgetree het, word nie aangedui nie. Waarskynlik was hy een van die twee aanstellings wat in 1942 gemaak is (kyk voetnoot 21) en het hy later die pos van inspekteur-psigoloog oorgeneem.

38) T.O.D.-verslag, 1952, p. 29.

39) Vorster, J.A. Aspekte van onderwysontwikkeling in Transvaalse Provinsiale skole vir Blankes in die tydperk 1950 - 1963, p. 321.

40) Kruger, H.B. Die sielkundige en voorligtingsdienste ..., p. 1.

41) T.O.D.-verslag, 1953, p. 120.

Die spraakterapie-diens is in Augustus 1954 gekoppel aan die sielkundige diens en het ső onder die beheer van die inspek=teur-psigoloog gekom[42]. Twaalf spraakterapeutposte en 'n hoofspraakterapeutpos is ingestel[43], maar drie poste kon in dié jaar nie gevul word nie weens 'n tekort aan opgeleide persone[44].

In 1954 kom die besoekende onderwyser verbonde aan die Loop=spruitskool direk onder beheer van die sielkundige diens, terwyl 'n voltydse sielkundige (klinies) ook daar aangestel word[45].

1955 kan sonder twyfel beskou word as 'n mylpaal in die ge=skiedenis van die skoolsielkundige en voorligtingsdiens. Vanaf Januarie van dié jaar is die sielkundige diens losge=maak van die skoolgeneeskundige diens en dit sou voortaan onder die direkte beheer staan van die Hoofinspekteur[46]. Daar was reeds kantore te Pretoria (hoofkantoor), Johannes=burg, Boksburg (Oosrand) en Krugersdorp (Wesrand)[47].

Die sielkundige diens het dus in 1955 soos volg daar uitge=sien: (i) Pretoria - inspekteur-sielkundige en twee sielkun=diges; (ii) Johannesburg - twee sielkundiges; (iii) Kru=gersdorp - een sielkundige; (iv) Boksburg - twee

---

42) T.O.D.-verslag, 1954, p. 20.

43) Kruger, H.B. Die sielkundige en voorligtingsdienste ..., p. 1.

44) T.O.D.-verslag, 1954, p. 20.

45) Ibid., pp. 17-18. Die benaming "besoekende onderwyser" het later verander na "assistent-sielkundige" (vgl. hoofstuk 4).

46) Vorster, J.A. Ibid., p. 321.

47) T.O.D.-verslag, 1955, pp. 126-127.

sielkundiges, waarvan die een verbonde was aan Loopspruit=skool[48]. Die beroepsvoorligtingsdiens waarvan die hoof=kantoor tot in daardie stadium in Johannesburg was, is gedu=rende April 1955 geamalgameer met die sielkundige diens en die hoofkantoor sou voortaan in Pretoria wees. Hierdie deel van die diens was in daardie stadium soos volg saamge=stel: (i) Pretoria - die hoofberoepsvoorligtingsbeampte; (ii) Johannesburg - twee beroepsvoorligtingsbeamptes; (iii) Krugersdorp - een beroepsvoorligtingsbeampte en (iv) Boks=burg - een beroepsvoorligtingsbeampte. As gevolg van die behoefte aan besoekende onderwysers is een in Pretoria en een in Johannesburg geplaas. Die spraakterapeute was soos volg versprei: Pretoria - vier; Johannesburg - vyf; Boks=burg - twee en Krugersdorp - een; die pos te Pietersburg kon weens gebrek aan opgeleide persone dié jaar nie gevul word nie[49].

Samevattend het die hele sielkundige diens bestaan uit die inspekteur-sielkundige[50] en 28 personeellede[51]. Voortaan sou na dié diens verwys word as die sielkundige en voorligtingsdiens[52].

---

48) Alhoewel die assistent-sielkundige verbonde aan Loopspruit=skool reeds in 1954 onder beheer van die sielkundige dienste gekom het, word hy in die T.O.D.-verslag van 1955 nie genoem as 'n lid van die sielkundige dienste nie.

49) T.O.D.-verslag, 1955, p. 127.

50) Die benamings "inspekteur-psigoloog", "inspekteur(psigoloog)" en "inspekteur-sielkundige" word in die T.O.D.-verslae skyn=baar as sinonieme gebruik.

51) T.O.D.-verslag, 1955, p. 127.

52) Kruger, H.B. Die sielkundige en voorligtingsdienste ..., p. 2.

Toe dr. A.J. Groenewald in 1956 hoof van die Onderwysburo ge=word het, is die pos van inspekteur(psigoloog) omskep in dié van Hoof van die sielkundige en voorligtingsdiens met mnr. L.C. Bekker aan die hoof. 'n Nuwe pos van Hoofsielkundige is geskep. Die spraakterapeutediens word losgemaak van die sielkundige en voorligtingsdiens en kom onder beheer van die hoofinspekteur.

Aan die begin van 1957 is die getal besoekende onderwysers=(esse) verbonde aan die sielkundige en voorligtingsdiens tot vyf vermeerder[53)]. Die rede daarvoor word nie aangegee nie, maar dit is waarskynlik daaraan toe te skryf dat hulle funk=sie as integrale lede van die span onmisbaar geblyk het.

Die nuwe leerplan vir beroepsvoorligting word in 1958 aan skole beskikbaar gestel en 'n brosjure in verband met die doel van spesiale onderwys is saamgestel[54)]. In dieselfde jaar is kliniese dienste ook aan die platteland beskikbaar gestel toe 'n kliniek op Pietersburg geopen is. In 1959 word die getal sielkundiges vermeerder tot elf[55)].

Die belangrikste verwikkelinge gedurende 1960 was die vol=gende: 'n verdere sielkundige vir Loopspruitskool word aan=gestel, die besoekende onderwysers word vermeerder tot sewe, een voorligtingspos verval en een word assistent-hoof van die sielkundige en voorligtingsdiens[56)].

---

53) T.O.D.-verslag, 1957, p. 28.

54) T.O.D.-verslag, 1958, pp. 26-27.

55) T.O.D.-verslag, 1959, p. 11.

56) Kruger, H.B. Die sielkundige en voorligtingsdiens ..., p. 2.

Mnr. L.C. Bekker bedank gedurende 1961 en word as hoof opge=volg deur mnr. J.C. Groenewald. Die personeel het toe be=staan uit 'n hoof, 'n onderhoof en twaalf sielkundiges, bene=wens sewe besoekende onderwysers en vyf adviseurs van voor=ligting[57]. Die sielkundiges was op verskillende plekke in die provinsie geplaas: in Pretoria was twee, in Johannesburg drie, by Loopspruitskool twee en daar was een elk op Pieters=burg, Springs, Boksburg, Krugersdorp en Potchefstroom[58].

Die personeel van die sielkundige en voorligtingsdiens het in 1965 bestaan uit 'n hoof, assistent-hoof, dertien sielkundiges, vyf voorligters en sewe besoekende onderwysers(esse)[59].

In Oktober 1966 word die eerste amptelike konferensie van skoolsielkundiges, voorligtingsbeamptes en besoekende onder=wysers gehou[60]. Die Departement besluit ook in dieselfde jaar om die benamings te laat verander: die besoekende onderwyser word assistent-skoolsielkundige (besoekend), die sielkundige word skoolsielkundige (klinies) en die adviseur vir voorligting word skoolsielkundige (voorligting)[61].

Die sielkundige en voorligtingsdiens se klinieke word in

---

57) Die benamings "beroepsvoorligters" en "adviseurs van voorlig=ting" en "voorligtingsbeamptes" word in die T.O.D.-verslae skynbaar as sinonieme gebruik.

58) Groenewald, J.C. Die sielkundige en voorligtingsdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement. (In Onderwysbulletin, 7:4, p. 102).

59) T.O.D.-verslag, 1965, p. 46.

60) T.O.D.-verslag, 1966, p. 18.

61) Kruger, H.B. Die sielkundige en voorligtingsdienste ..., p. 2.

1967 uitgebrei tot tien[62] en is beskryf as kinderleiding=klinieke. Elke sentrum het oor die volgende personeel be=skik: 'n senior skoolsielkundige in bevel, een of twee skoolsielkundiges, 'n sielkundige (voorligting) slegs in groter sentra, 'n assistent-skoolsielkundige (besoekend), twee of meer spraakterapeute, en 'n onderwyser vir remedië=rende werk[63].

1968 was die eerste jaar van die tien kinderleidingklinieke se bestaan waar die sielkundige diens, die voorligtingsdiens, die assistent-sielkundige diens, die spraakterapeutiese diens en die remediërende diens onder leiding van 'n senior skool=sielkundige in die praktyk gekoördineerd gefunksioneer het[64]. Gereelde maandelikse kliniese besprekings by die verskillende klinieke is in 1969 bygewoon deur mediese prak=tisyns van die skoolmediese dienste[65].

Aangesien slegs vyf "voorligting-beamptes"[66] in 1970 dienste gelewer het, kon hulle onder omstandighede slegs aandag gee aan dringende sake soos hulp aan voorligter-onderwysers en skoolverlaters met ernstige beroepskeuseprobleme. Die spraakterapeute kon ook net aandag gee aan ernstige gevalle en dringende gevalle is in koshuise naby klinieke geplaas[67].

---

62) Die T.O.D.-verslae dui nie aan waar die nuwe klinieke daar=gestel is nie.

63) T.O.D.-verslag, 1967, p. 19.

64) T.O.D.-verslag, 1968, p. 24.

65) T.O.D.-verslag, 1969, p. 26.

66) So genoem in die T.O.D.-verslag.

67) T.O.D.-verslag, 1970, pp. 22-23.

In 1971 word die aandag weer daarop gevestig dat die ses voorligting-beamptes nie in die behoefte aan voorligting kon voldoen nie. Groot probleme is ondervind om die poste van die remediërende onderwysers te vul; twee kliniekposte was byvoorbeeld vakant[68].

Met die begin van die nasionale stelsel van gedifferensieerde onderwys het daar in 1972 taamlik uitbreiding in die Trans= vaalse Onderwysdepartement se Sielkundige en Voorligtings= diens gekom. Ten einde 'n heldere beeld te verkry van die situasie in 1972 word die volledige verslag van dié jaar ge= gee:

"DIE SKOOLSIELKUNDIGE EN VOORLIGTINGSDIENS

Met die implementering van die nuwe stelsel van gedifferen= sieerde onderwys is die Skoolsielkundige en Voorligtings= diens herbeplan sodat die tien bestaande klinieke uitgebrei is tot 24, wat beteken dat elke inspeksiekring 'n eie kli= niek sal hê.

By elke kliniek word op senior vlak voorsiening gemaak vir 'n kliniese sielkundige, 'n voorligter sielkundige en 'n sielkundige ortodidakties. Daarbenewens word 'n pos van assistent-sielkundige (besoekend) sowel as twee spraaktera= peutposte by elke kliniek ingestel.

Hieronder volg 'n saaklike oorsig van die werksaamhede en ander aangeleenthede rakende die sielkundiges, sielkundiges (voorligtend) en assistent-sielkundiges (besoekend)

---

68) T.O.D.-verslag, 1971, pp. 23.24.

SIELKUNDIGES

| | |
|---|---|
| Leerlinge individueel getoets | 5 596 |
| Getal subnormaal bevind | 3 226 |
| Leerlinge na die Kliniekskool verwys | 137 |
| Leerlinge na koshuise verwys | 379 |
| Leerlinge na Volkswelsyn verwys | 91 |
| Leerlinge onopvoedbaar bevind | 158 |
| Pedoterapeutiese gevalle in klinieke behandel | 870 |
| Pedoterapeutiese gevalle in skole behandel | 1 249 |
| Pedoterapeutiese sessies | 7 580 |
| Onderhoude gevoer | 9 452 |
| Huisbesoeke afgelê | 437 |
| Projeksietoetse afgeneem | 1 890 |
| NB. Skolastiese toetse vir sertifisering | 493 |
| NB. Skolastiese toetse vir desertifisering | 77 |

SIELKUNDIGES (VOORLIGTEND)

Die ses voorligters is oorstroom met versoeke om hulp en het dit moeilik gevind om in die behoeftes van al die leerlinge te voorsien.

| | |
|---|---|
| Besoeke aan skole | 870 |
| Geleenthede waarop voorligting gegee is aan hoofde, voorligter-onderwysers, personele en ouers | 3 019 |
| Getal leerlinge in sekondêre skole aan wie voor=ligting gegee is | 2 661 |
| Getal leerlinge in primêre skole aan wie voor=ligting gegee is | 1 445 |
| Getal leerlinge getoets | 6 756 |
| Getal personeellede opgelei | 310 |

ASSISTENT-SIELKUNDIGES (BESOEKEND)

| | |
|---|---|
| Verstandsafwykend | 250 |
| Gedragsafwykend | 1 180 |
| Verstands- en gedragsafwykend | 160 |
| Huislike probleme | 479 |
| Voorbesoeke afgelê by Volkswelsyn, skoolklinieke, skoolrade, skole en ouers voordat leerlinge ge=hanteer word | 7 218 |

| | |
|---|---|
| Getal leerlinge verwys na samesprekings | 1 516 |

Benewens die bogenoemde werksaamhede het die assistent-siel= kundiges etlike honderde skakelbesoeke afgelê, nasorg ten opsigte van gedesertifiseerde leerlinge uitgeoefen en onder= houde op kantoor gevoer.

REMEDIËRENDE ONDERWYS

| | |
|---|---|
| Leerlinge getoets | 4 757 |
| Leerlinge verwys na geneeskundiges, sielkundiges en spraakterapeute | 468 |
| Terapeutiese sessies in skole | 2 035 |
| Terapeutiese sessies in klinieke | 2 865 |

Benewens die bogenoemde funksies is verskeie onderhoude ge= voer met hoofde, personeellede en ouers.

SPRAAKTERAPIE

Die volgende tabel gee 'n beeld van die werksaamhede van spraakterapeute in skole en klinieke en in spraakklinieke van die Universiteite van Pretoria en die Witwatersrand.

| | Skole | Universiteite |
|---|---|---|
| Getal leerlinge wat terapie ontvang het | 6 096 | 936 |
| Getal terapiesessies | 38 618 | 6 815 |
| Vorderingsverslae: | | |
| Gerehabiliteer en ontslaan | 2 085 | 414 |
| Ontslaan om ander redes | 703 | 35 |
| Vordering bevredigend | 2 450 | 320 |
| Vordering stadig | 868 | 157" |

69).

69) T.O.D.-verslag, 1972, pp. 31-32. Tot sover die direkte aanhaling.

Dit is betekenisvol dat die remediërende onderwysers in die klinieke vervang is deur die sogenaamde sielkundige (ortodi= dakties), terwyl die toepaslike statistiek tog nog in die verslag onder die hoof "remediërende onderwys" geplaas is. Dit blyk uit bogenoemde verslag dat die getal klinieke in 1972 van tien na vier en twintig vermeerder is.

## 2.4 Huidige stand van die diens

Uit mededelings deur senior departementele amptenare blyk dit dat daar 'n groot tekort aan opgeleide spraakterapeute heers.

Aangesien die assistent-sielkundige in hoofstuk 4 in detail bespreek word, sal hier nie dieper ingegaan word op die 1974 opset nie.

Die feit dat ses nuwe vakatures vir kliniese skoolsielkun= diges in 1974 geadverteer is, dui daarop dat die behoefte aan dié diens steeds uitbrei en dat die reeds bestaande per= soneel nie in staat is om al die werk te behartig nie[70]. Uit onderhoude met skoolsielkundiges (klinies) blyk dit ook dat hulle waarskynlik oorbelas is met toetsing en sertifise= ring vir spesiale onderwys en as gevolg daarvan terapeutiese werk dikwels op die agtergrond moet skuif.

Wat die skoolsielkundige (voorligting) betref, word die on= derwys hier gekonfronteer met 'n baie ernstige en dringende saak: Voorligting kan onmoontlik tot sy reg kom soos dit

---

70) Die Provinsie Transvaal, Buitengewone offisiële koerant, 10 April 1974, p. 17.

tans daar uitsien[71]. Die grootste oorsaak kan gevind word in die afwesigheid van opgeleide onderwyservoorligters. Sedert die begin van 1972 het letterlik elke bepaling ten opsigte van die vak voorligting verval. Op die oomblik is daar dus geen amptelike voorligter-onderwysers nie ten spyte van die feit dat die struktuur van postetoekenning nog be= staan en dat sommige skole nog hierdie diens aanbied.

Die "ou" voorligtingsperiode mag vir Jeugweerbaarheid ge= bruik word terwyl leiding ten opsigte van vak- en kursuskeuse deur die hoof of 'n onderwyser deur hom benoem, behartig word[72]. Geen eise word gestel ten opsigte van die vakkun= dige opleiding van onderwysers wat voorligting gee nie. Slegs die 24 departementele skoolvoorligters mag vakkundige skoolvoorligting in Transvaal doen. Hierdie toedrag van sake lei daartoe dat leerlinge in Transvaal noodwendig ver= stoke bly van hoogs noodsaaklike voorligtingsdienste.

## 2.5 Samevatting

Samevattend kan dus gekonstateer word dat die Transvaalse Onderwysdepartement se sielkundige en voorligtingsdiens met sy lang geskiedenis 'n onmisbare diens lewer aan die leerlinge van sy provinsie. Die ontwikkeling van dié diens moes worstel om 'n bestaan, maar na mate hy homself as on= misbaar bewys het, het vooruitgang na vore getree. Dit is egter baie duidelik dat die tyd ryp geword het om dié diens

---

71) Kruger, H.B. Die praktyk van skoolvoorligting in die era van gedifferensieerde onderwys, met besondere verwysing na skole in Transvaal, pp. 10-13.

72) T.O.D.-Omsendbrief no. 1 van 1972, p. 1.

in die toekoms uit te bou om sy omvattende taak na behore na te kom.

Vervolgens sal daar oorgegaan word tot 'n bespreking van die ontwikkeling van die pos van die assistent-sielkundige in die Transvaalse Onderwysdepartement.

HOOFSTUK 3

# DIE ONTWIKKELING VAN DIE POS "ASSISTENT-SIELKUNDIGE" IN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT

## 3.1 Inleiding

Die assistent-sielkundige is 'n lid van die kinderleiding= kliniekspan van die Transvaalse Onderwysdepartement se sielkundige en voorligtingsdiens.

In hierdie hoofstuk sal aangetoon word hoe dié pos ontstaan en ontwikkel het.

## 3.2 Probleemkinders en kinderleidingklinieke

In die Transvaalse Onderwysdepartement-jaarverslag van 1945 word baie aandag gegee aan 'n bespreking van gedragsprobleme en wanaanpassings van leerlinge. Die oplossing van hierdie vraagstuk is gesien in die oprigting van meer kinderleiding= klinieke. 'n "Klein residensiële skool" vir die huisves= ting, behandeling en opvoeding van gedragsafwykende kinders is ook bepleit. Die volgende belangrike opmerking word ten slotte in dieselfde verslag gemaak: "Die huidige stand van sake is so dat as 'n ouer 'n ernstige gedragsafwykende kind van huis af wil laat behandel, dan moet die kind eers deur

'n kinderhof as sorgbehoewend verklaar word"[1].

Die direkte gevolg van die Transvaalse Onderwysdepartementverslag van 1945 was die uiteindelike totstandkoming van Loopspruitkliniekskool en die instelling van die pos van die besoekende onderwyser.

## 3.3 Loopspruitkliniekskool

Pas nadat die Wet op Spesiale Onderwys in 1949 gepromulgeer is, is aandag gegee aan die behandeling van en steungewing aan leerlinge wat gedragsafwykings geopenbaar het. Vir die doeltreffende behandeling van hierdie leerlinge moes daar 'n inrigting wees waarheen hulle uit hulle omgewing oorgeplaas kon word en waar hulle intensiewe hulp en behandeling kon ontvang. Op aanbeveling van die Malankommissie het die Departement besluit om 'n skool vir gedragsafwykende kinders in die Genl. Pienaarskoolplaas te stig[2]. Die Malankommissie het die destydse doelstellings met dié skool gesien as die emosionele en sosiale heroriëntering van die leerlinge[3].

Op aanbeveling van die Potchefstroomse Skoolraad het dié spesiale skool die nuwe benaming van "Loopspruit Spesiale Skool" gekry toe dit in 1952 met 86 leerlinge en 'n personeel

---

1) T.O.D.-verslag, 1945, pp. 138-140. Die sielkundige en voorligtingsdiens benodig tans (1974) nie 'n kinderhofbevel om 'n kind in 'n kliniekskool te plaas nie. Dit kan as 'n groot verbetering beskou word.

2) T.O.D. Komitee van Ondersoek na die Genl. Pienaarskoolplaas, 1951, p. 77.

3) Ibid., p. 162.

van 12 begin is[4].

Volgens Kruger[5] is 'n besoekende onderwyser[6] in 1952 beskikbaar gestel aan Loopspruitkliniekskool[7]. Hierdie eerste besoekende onderwyser wat volgens die Transvaalse Onderwysdepartement-jaarverslag van 1954 "verbonde"[8] was aan Loopspruitkliniekskool, was 'n dame[9].

In 1954 is 'n voltydse sielkundige[10] by Loopspruitkliniekskool aangestel ter wille van die sielkundige behandeling van die leerlinge[11].

Aanvanklik is voorsiening op Loopspruitkliniekskool gemaak vir leerlinge vanaf graad i tot en met st. VIII[12]. Vanaf die begin van 1973 word net senior leerlinge, vanaf st. V

---

4) T.O.D.-verslag, 1952, p. 23.

5) Kruger, H.B. Die sielkundige en voorligtingsdienste ..., p. 1.

6) Die assistent-sielkundige se oorspronklike benaming was besoekende onderwyser.

7) Loopspruit Spesiale Skool is tans (1974) bekend as die Loopspruitkliniekskool. Vgl. <u>Onderwysnuusflitse</u>, nr. 39, Junie 1974, pp. 4-5.

8) Alhoewel die T.O.D.-jaarverslag van 1952-1954 nie hierdie verbondenheid verduidelik nie, kan waarskynlik aanvaar word dat dié persoon in Johannesburg gestasioneer was. Vgl. T.O.D.-verslag, 1955, p. 127.

9) T.O.D.-verslag, 1955, p. 127.

10) Blykbaar was dit 'n skoolsielkundige (klinies).

11) T.O.D.-verslag, 1954, p. 19.

12) Eksteen, A.J. Die persoonlikheidstruktuur en die ortopedagogiese ..., p. 192.

tot st. VIII, daar gehuisves. Terwyl die gewone verpligte basiese vakke onderrig word, word ook voorsiening gemaak vir 'n aantal keusevakke[13].

Leerlinge wat deur die skoolsielkundige (klinies) en die Departement as gedragsafwykend gesertifiseer word, word vanuit die hele Transvaal op Loopspruitkliniekskool geplaas, waar hulle ook in die koshuis tuisgaan. Die assistent-sielkundige wat verantwoordelik was vir die opstel van 'n huisverslag, word voorsien van 'n amptelike voertuig waarmee hy die gesertifiseerde leerling na Loopspruitkliniekskool vervoer. Toelating tot hierdie skool geskied op enige tydstip van die jaar. Alle leerlinge word kosteloos gehuisves. Voorsiening is gemaak vir 180 seuns en 70 dogters. Daar is 'n hospitaalafdeling en 'n suster woon hier in. Periodieke besoeke - ten minste een maal per kwartaal - word deur die assistent-sielkundige by die kliniekskool afgelê. Van die assistent-sielkundige word ook verwag om gereelde huisverslae in te dien en sodoende die Loopspruitkliniekskoolpersoneel op hoogte te hou met die gesinsagtergrond van leerlinge. Hier word dus gepoog om die opvoedelinge te laat aanpas met die bedoeling dat hy "weer normaal kan vorder en presteer". Indien hy nie by sy vorige skool teruggeplaas kan word nie, omdat hy nie meer skoolpligtig is as hy die kliniekskool verlaat nie, behoort hy in die samelewing opgeneem te word as 'n verantwoordelike en verantwoordbare burger[14].

---

13) <u>Onderwysnuusflitse</u>, nr. 39, Junie 1974, p. 6.

14) Ibid., pp. 5-8.

### 3.4 Uitbreiding van die assistent-sielkundige-diens

In 1955 was daar twee besoekende onderwysers in die Trans= vaalse Onderwysdepartement se diens: een in Pretoria en een in Johannesburg[15].

Die getal besoekende onderwysposte is in 1957 uitgebrei tot vyf. Hulle vernaamste werksaamhede was soos volg geformu= leer: (i) Die ondersoek van gedragsafwykende gevalle, wat besoeke[16] aan skole en ouers insluit. Breedvoerige ver= slae moet opgestel word om 'n duidelike aanduiding van die huislike toestande te gee. (ii) "Oorredingswerk"[17] moet dikwels gedoen word om ouers te beweeg om in hul kind se belang toe te stem dat sodanige leerling spesiale onder= wys kan ontvang. (iii) Nasorgwerk[18] is as baie belangrik beskou en baie tyd moet hieraan bestee word[19].

Gedurende 1958 was daar slegs vier besoekende onderwysers verbonde aan die diens. Dit is betekenisvol om in die Transvaalse Onderwysdepartement-verslag van 1958 op te merk

---

15) T.O.D.-verslag, 1955, pp. 127-129.

16) Nadat die hoof van 'n skool 'n gedragsafwykende leerling gerapporteer het, moet die besoekende onderwyser die hoof van die betrokke skool spreek en daarna 'n besoek aflê by die leerling se ouerhuis.

17) Hierdie "oorredingswerk" kom neer op individuele onderhoude met die ouers. Sonder twyfel vereis so 'n gesprek profes= sionele opleiding soos aangedui sal word in hoofstuk 5.

18) Nasorgwerk het daarop neergekom dat opvolgonderhoude met leerlinge, ouers, onderwysers en werkgewers gedoen is.

19) T.O.D.-verslag, 1957, p. 28.

dat die skoolsielkundige (klinies) 31 leerlinge na Volkswelsyn verwys het[20].

Die vakante vyfde assistent-sielkundige-pos is in 1959 gevul en die Transvaalse Onderwysdepartement-verslag van 1959 lui dat al vyf die assistent-sielkundiges "op Pretoria en aan die Rand" werksaam was. Wat besoeke deur die vyf assis=tent-sielkundiges gedurende 1959 betref, word die volgende syfers gegee: 1 257 huisbesoeke, 1 814 gesinsbesoeke[21] en 76 inrigtingsbesoeke[22]. Daar word ook melding gemaak van 700 nasorgbesoeke[23].

In 1960 is twee verdere besoekende onderwysersposte deur die Departement goedgekeur. Volgens die verslag van 1960 is daar 5 177 skakelbesoeke[24] aan "welsynsinstansies, skool=rade, skole en ouerhuise" gebring. Onder die opskrif "Werk van besoekende onderwysers", word melding gemaak van 600 aangemelde gevalle van stokkiesdraaiers[25]. Hieruit blyk

20) T.O.D.-verslag, 1958, p. 26. Die verwysing van hierdie leerlinge na Volkswelsyn word nie verder omskryf nie. Dit was moontlik sorgbehoewende kinders wat reeds deur die kinderhof as sorgbehoewend bevind is en terreinoorskryding wou waarskynlik vermy word.

21) Die verskil tussen "huisbesoeke" en "gesinsbesoeke" word nie verduidelik nie en lei tot verwarring.

22) Dit is onduidelik wat met "inrigtingsbesoeke" bedoel word. Moontlik was dit besoeke aan Loopspruitkliniekskool; dit kon egter ook besoeke aan nywerheidskole, kinderhuise of verbeteringskole, ens. gewees het.

23) T.O.D.-verslag, 1959, p. 12.

24) Die begrip "skakelbesoeke" kom blykbaar neer op besoeke aan "welsynsinstansies, skoolrade, skole en ouerhuise"; nasorg=werk word in die T.O.D.-verslag van 1960 verswyg.

25) T.O.D.-verslag, 1960, p. 26.

dit dat aandag ook geskenk moes word aan laasgenoemde pro=bleem.

Die standplase van die sewe besoekende onderwysers was in 1962 soos volg: Pretoria - twee, Johannesburg - twee en een elk op Boksburg, Krugersdorp en Potchefstroom[26].

Gedurende 1963 is 1 725 leerlinge met gedragsprobleme na die besoekende onderwysers(esse) verwys. Hierdie verwysings is soos volg afgehandel:

| | |
|---|---|
| Onder observasie gehou | 837 |
| Na sielkundiges vir terapie verwys | 63 |
| Na koshuise oorgeplaas | 114 |
| Na Loopspruit oorgeplaas | 137 |
| Na senior spesiale skole met koshuise oorgeplaas | 53 |
| Na die Departement van Volkswelsyn verwys | 61 |
| Deur besoekende onderwyser afgehandel | 460 |
| | 1 725 |

Die getal skakelbesoeke het 5 591 beloop en die getal na=sorgbesoeke 1 254, terwyl 360 onderhoude op kantoor gevoer is[27]. Uit hierdie verslag kan afgelei word dat die besoe=kende onderwysers self leerlinge na die Departement van Volkswelsyn verwys het. Die "senior spesiale skole met koshuise" word nie nader aangedui nie, maar daar was in 1963

26) Onderwysbulletin, 7:2, Junie 1962, p. 102.

27) T.O.D.-verslag, 1963, p. 36.

reeds twintig sulke skole[28]. Vorster[29] verklaar dat die besoekende onderwysers in die tydperk 1960 tot 1963 beteke=nisvolle voorkomingsdienste met betrekking tot stokkies=draaiers gelewer het.

Volgens die verslag van 1964 het die besoekende onderwysers (nog steeds net sewe) 'n "reusetaak in die voorkoming van jeugmisdaad" verrig[30].

In Oktober 1966 woon die besoekende onderwysers die eerste amptelike konferensie van skoolsielkundiges, voorligtings=beamptes en besoekende onderwysers by. Volgens die verslag van 1966 neem die belangrikheid van die werk van die besoe=kende onderwysers toe[31].

In die verslag van 1967 word vir die eerste keer die nuwe benaming vir die besoekende onderwyser gebruik, naamlik "assistentskoolsielkundige (besoekend)"[32]. Daar kan uit dieselfde verslag afgelei word dat die sewe assistentskool=sielkundiges (besoekend) vermeerder is na tien[33].

Terwyl die benamings "assistentskoolsielkundiges" en "assis=tentskoolsielkundige (besoekend)" in 1967 gebruik is, word

---

28) T.O.D.-verslag, 1963, p. 36.

29) Vorster, J.A. Aspekte van die onderwysontwikkeling ..., p. 328

30) T.O.D.-verslag, 1964, p. 32.

31) T.O.D.-verslag, 1966, p. 18.

32) In die T.O.D.-verslag van 1966 word op p. 18 verwys na die "assistent-skoolsielkundiges" en na die "assistentskool=sielkundige (besoekend)".

33) T.O.D.-verslag, 1967, p. 19.

daar in die 1968-verslag die volgende aangetref: "Die sielkundiges (besoekend) het waardevolle werk gedoen"[34]. In 1971 word die benaming "assistent-sielkundige (besoekend)" deur die Transvaalse Onderwysdepartement gebruik[35].

Met die implementering van die nuwe stelsel van gedifferen= sieerde onderwys in 1972 is die tien kinderleidingklinieke uitgebrei tot 24. In elke kliniek is onder andere voorsiening gemaak vir 'n assistent-sielkundige (besoekend). Die assistent-sielkundige (besoekend) se werksopgawe word aangegee onder die volgende opskrifte: (i) nuwe gevalle aangemeld, (ii) verstandsafwykend, (iii) gedragsafwykend, (iv) verstands- en gedragsafwykend, (v) huislike probleme, (vi) voorbesoeke afgelê by Volks= welsyn, skoolklinieke, skoolrade, skole en ouers, voordat leerlinge gehanteer word, (vii) getal leerlinge verwys na samesprekings. Daar word ook melding gemaak van skakelbe= soeke, nasorg ten opsigte van gedesertifiseerde leerlinge en onderhoude op kantoor[36]. Hieruit blyk dit dat die assistent-sielkundige ook belas is met verstandsafwykende leerlinge, terwyl die sogenaamde "getal leerlinge verwys na samesprekings" nie verder gekwalifiseer word nie en enig= iets kan beteken.

---

34) T.O.D.-verslag, 1968, p. 25.

35) T.O.D.-verslag, 1971, p. 24.

36) T.O.D.-verslag, 1972, p. 32.

## 3.5 Huidige stand met betrekking tot die assistent-sielkundigediens

Tans (1974) is aan elk van die volgende 24 kinderleiding=klinieke 'n assistent-sielkundige[37] verbonde:

Pietersburg, Nylstroom, Pretoria (vier), Rustenburg, Lichten=burg, Klerksdorp, Potchefstroom, Krugersdorp, Roodepoort, Vereeniging, Suid-Rand, Johannesburg (drie), Oos-Rand (vier), Ermelo, Nelspruit en Middelburg[38].

Aangesien die werk van die assistent-sielkundige in noue verband staan met die werk in die kliniekskole, moet hier vermeld word dat daar tans (1974) drie[39] sulke skole is: (i) die kliniekskool te Loopspruit vir senior gedragsge=stremde[40] leerlinge, (ii) die kliniekskool te Amalia vir junior gedragsgestremde leerlinge en (iii) die kliniekskool te Moedwil naby Rustenburg vir junior en senior gedrags- en verstandsgestremde leerlinge[41].

---

37) Die assistent-sielkundige (besoekend) blyk die amptelike be=naming te wees, alhoewel Onderwysnuusflitse nr. 39 van Junie 1974 op p. 2 na hierdie persoon verwys as die "assistent-sielkundige".

38) Onderwysnuusflitse, nr. 39, Junie 1974, p. 2.

39) Na aanleiding van 'n onderhoud met hoofamptenare van die T.O.D. is vasgestel dat 'n kliniekskool vir verdowingsmid=delgestremdes in 1975 geopen gaan word.

40) Dit blyk uit Onderwysnuusflitse nr. 39 van Junie 1974 dat die agtervoegsel "gestremde" verkies word bo dië van "afwykend".

41) Onderwysnuusflitse, nr. 39, Junie 1974, p. 4.

## 3.6 Samevatting

Uit die voorafgaande blyk dit dat die pos van die assistent-sielkundige ontwikkel het uit 'n behoefte aan die opvoedkundige hantering van leerlinge met gedragsafwykings in die skole.

Alhoewel hierdie behoefte reeds vroeër bestaan het, was dit eers met die daarstelling van Loopspruitkliniekskool dat die eerste assistent-sielkundige, of soos hy destyds bekend was, die besoekende onderwyser, aangestel is. Die benaming van hierdie pos het dikwels verander en dit is verwarrend.

In die volgende hoofstuk sal aandag gegee word aan die ontwikkeling van relevante poste in die V.S.A., Nederland en Engeland.

HOOFSTUK 4

# DIE ONTWIKKELING VAN RELEVANTE POSTE IN DIE V.S.A., NEDERLAND EN ENGELAND

## 4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word 'n bespreking van die skoolsielkundige (maatskaplik)[1] gegee. Na die skrywer se mening is hierdie benaming die mees aanvaarbare vir die pos wat tans deur die assistent-sielkundige beklee word. Dié benaming omvat ook die belangrikste aspekte van vergelykbare oorsese poste en sal daarom verder in hierdie hoofstuk só gebruik word.

Na 'n oorsigtelike literatuurverkenning in verband met die onderwysstelsels van verskillende lande is daar besluit om die V.S.A., Nederland en Engeland van nader te beskou, aangesien die pos van die assistent-sielkundige in hierdie drie lande klaarblyklik die beste gestruktureer is en daarom vir hierdie studie die toepaslikste is. In die meeste ander lande word relatief min aandag aan 'n soortgelyke diens

---

1) Na aanleiding van 'n persoonlike gesprek op 11/9/74 met 'n hoofamptenaar van die T.O.D. is vasgestel dat hierdie benaming heelwaarskynlik in die nabye toekoms die nuwe benaming van die assistent-sielkundige gaan word.

gegee.

Vervolgens word 'n bespreking gegee van die ontwikkeling van relevante poste in die V.S.A., Nederland en Engeland.

## 4.2 V.S.A.

Die instelling van maatskaplike werk in skole het gedurende 1906 en 1907 in Boston, Hartford, Connecticut en New York City begin. Omdat swak gesins- en omgewingsverhoudings deur soveel skoolkinders ondervind is en omdat leerlinge se persoonlike probleme nie deur die onderwysers gehanteer kon word nie, is hierdie programme onder die titel "werk van die besoekende onderwysers" daargestel[2].

In Boston is 'n maatskaplike werker deur die ouer-onderwysersgroep aangestel as 'n "huis- en skoolbesoeker". Die direkteur van die Henry Barnard School Clinic in Hartford het 'n "besoekende onderwyser" aangestel om die dienste van sy sielkundige-kliniek te koördineer. In New York City het Hartley House en Greenwich Neighborhood House maatskaplike werkers aangestel om bystand te verleen met betrekking tot "the home-school relationships of children and to meet the social problems which seemed to cause trouble for children in schools"[3].

Hierdie gebruik is ook deur ander stede aanvaar en in 1913 het Rochester (New York) die eerste openbare munisipale

---

2) Friedlander, W.A. Introduction to social welfare, p. 368.
3) Loc. cit.

sisteem van besoekende onderwysers ingevoer. Die vereiste wat gestel was, was dat hierdie besoekende onderwysers opge= leide maatskaplike werkers moes wees[4].

Die Commonwealth Fund in New York (1921) het fondse bygedra tot die program van skool-maatskaplike werk en het die voor= koming van jeugmisdaad beoog. Die program is ontwerp om vier verskillende en gekoördineerde programme te ontwikkel: (1) demonstrasieprojekte aan besoekende onderwysers uit 30 gemeenskappe (sō 'n demonstrasieprojek het films, bandopnames en besprekings ingesluit), (2) die daarstelling van kinder= leidingklinieke, (3) die studie van gedragsafwykende leer= linge en (4) die opleiding van maatskaplike werkers, besoe= kende onderwysers en sielkundiges met die spesifieke doel om hulle beter toe te rus vir hulle taak ten opsigte van die bekamping van jeugmisdaad[5].

Die Commonwealth Fund het daarop aangedring dat die gemeen= skappe wat dienste van besoekende onderwysers ontvang het, finansiële bydraes moet lewer. Een derde van die onkoste moet tydens die demonstrasieprojek van vyf jaar deur die betrokke gemeenskap gedek word. Na afloop van die vyf jaar moet die gemeenskap vir 'n verdere drie jaar self personeel oplei om gedragsprobleme te hanteer. Nā hierdie ondervin= ding het baie stede en dorpe skool-maatskaplike werk-programme ontwikkel[6].

---

4) Witmer, H.L. Social Work, pp. 359-360.

5) Sikkema, M. "School social services", <u>Social Work Year Book</u>, 1951, p. 448.

6) Poole, F. "School social services", <u>Social Work Year Book</u>, 1954, pp. 467-469.

Die "American Association of Visiting Teachers" is in 1916 georganiseer en in 1945 is dié vereniging hernoem tot die "National Association of School Social Workers". In sommige state word skool-maatskaplike werkers deur die plaaslike gemeenskappe aangestel, terwyl regeringsfondse in Michigan en California die skool-maatskaplike werkers subsidieer. In 1950 was daar 450 stede wat oor ten minste een skool-maatskaplike werker se dienste beskik het[7].

In 1961 was daar volgens die Departement van Arbeid van die V.S.A. meer as 2 400 besoekende onderwysers. Die meerderheid van hierdie persone was opgeleide skool-maatskaplike werkers[8]. Gray[9] wys daarop dat die begrip "visiting teacher" hier en daar nog gebruik word, maar dat dié benaming gekoppel word aan leke en nie aanvaar kan word as "a guarantee of appropriate training as a school social worker" nie.

Onderwyservaring en opleiding in maatskaplike werk word as 'n vereiste gestel aan die skool-maatskaplike werker; sommige state se onderwysrade vereis 'n meestersgraad in ôf opvoedkunde ôf maatskaplike werk[10].

---

7) Reller, T.L. "The public school and other community services", The Annals, vol. 302, November 1955, pp. 1-73; Lee, G. "Helping the troubled school child," National Association of Social Workers, 1959, pp. 47-54.

8) U.S. Department of Labor, Bureau of Labor Statistics, Occupational Outlook Handbook, 1961, p. 268.

9) Gray, S.W. The psychologist in the schools, p. 263.

10) Armstrong, W.E. & Stinnett, T.M. A Manual on certification requirements for school personnel in the United States, pp. 92-96; Bailard, V. & Strang, R. Parent-Teacher Conferences, p. 194.

Alhoewel daar tans wel maatskaplike werkers verbonde is aan kinderleidingklinieke in die V.S.A., is daar nie skool-maatskaplike werkers in dië klinieke wat op grond van poste=struktuur en funksie vergelykbaar is met die assistent-siel=kundiges in kinderleidingklinieke in die Transvaalse Onder=wysdepartement nie.[11].

Herron[12] voel dat die skool-maatskaplike werker as 'n lid van die kinderleidingkliniekspan opgeneem behoort te word. Hy konstateer dat die skool-maatskaplike werker as gevolg van sy opleiding en kennis van die opvoedkundige opset in die skole beter bevoeg is as die maatskaplike werker in die kinderleidingklinieke[13]. In 1968 rapporteer Hutson[14] dat daar in sekere "large city systems" skool-maatskaplike werkers verbonde is aan kinderleidingklinieke en dat hulle onder die beheer is van die hoof van die kinderleidingkli=niek. Hierdie hoof word genoem die "director of guidance".

Alhoewel bogenoemde gebruik blykbaar veld wen, is daar in die V.S.A. by die meeste skole die gebruik dat skool-maat=skaplike werkers lede is van elke skool se personeel. Hutson omskryf die stelsel soos volg: "Many schools now have a specialized personnel worker known as die school social worker (formerly home-and-school visitor) who visits the homes of pupils who are excessively absent, whose academic performance is inexplicably low, who are maladjus=ted in health, personality, or social relationships. He

---

11) Herron, W.G. e.a. Contemporary school psychology, p. 225.

12) Ibid., pp. 225-229.

13) Ibid., pp. 228-229.

14) Hutson, P.W. The guidance function in education, p. 749.

acts as a counselor to parents and child, employs such meliorative measures as he can, and refers the case to the proper welfare agency when necessary"[15].

Die belangrikste bydrae van die skool-maatskaplike werker is volgens Nebo[16] sy gespesialiseerde gevallewerk-diens wat gebaseer is op sy begrip van menslike gedrag, sy bedrewen= heid in onderhoudvoering en sy kennis van en vermoë om ge= meenskapsbronne te benut[17].

Volgens Friedlander[18] kan die skool-maatskaplike werker se terrein soos volg afgebaken word: Hy werk met vier partye: (1) die kind, (2) die gesin, (3) die personeel van die skool en (4) die gemeenskap.

Gray[19] is van mening dat die skool-maatskaplike werker se opleiding in maatskaplike werk hom "special skills in working in home and community situations with individuals

---

15) Hutson, P.W. The guidance function in education, p. 749.

16) Patterson, C.H. The counselor in the school, p. 383; Rawson, H.E. "Residential short-term camping for children with behavior problems: a behavior-modification approach", Child Welfare, 52, 1973, pp. 511-520.

17) Hiermee word bedoel 'n middel of diens in die skool-maat= skaplike werker se eie organisasie (in Transvaal, die T.O.D.) of in die gemeenskap wat aangewend, respektiewelik gelewer, kan word sodat die kind of ouer opvoedkundig maat= skaplik beter kan funksioneer. In die gemeenskap is daar byvoorbeeld kerklike organisasies van wie se dienste ge= bruik gemaak kan word.

18) Friedlander, W.A. Introduction to social welfare, p. 370.

19) Gray, S.W. The psychologist in the schools, p. 265.

and family groups" gegee het. As gevolg van hierdie be= drewenhede is die skool-maatskaplike werker in staat om in 'n dimensie van die skoolpersoneeldienste te voorsien "in which the psychologist is likely to have less facility". Intieme samewerking tussen die skoolsielkundige (klinies) en die skool-maatskaplike werker is van kardinale belang.

Wat die opleiding en toerusting van die skool-maatskaplike werker betref, is Friedlander[20] van oortuiging dat: "The school social worker should have professional training in social work and understanding of the educational process of the school, possess the ability to work with children and adults, and be able to operate in a team relationship with the school faculty. She needs humor, imagination, flexibility, and a good knowledge of the resources of the community".

Nebo[21] beklemtoon naas die opleiding in maatskaplike werk 'n omvattende opvoedkundige opleiding en beklemtoon die volgende: "He must have an identification with the teach= ing profession and the goals, problems, and needs in the field of education".

Die skool-maatskaplike werker in die V.S.A. is verbonde aan die personeel van 'n spesifieke skool en nie aan die personeel van 'n kinderleidingkliniek nie[22]. Net soos die

---

20) Friedlander, W.A. Introduction to social welfare, p. 371.

21) Patterson, C.H. The counselor in the school, p. 385.

22) Skidmore, R.A. & Thackeray, M.G. Introduction to social work, p. 91.

assistent-sielkundige verbonde aan die kinderleidingklinieke van die Transvaalse Onderwysdepartement het die skool-maat=skaplike werker aanvanklik verskillende benamings gehad, byvoorbeeld "besoekende onderwyser" en "huis- en skoolbesoe=ker"[23].

Skidmore[24] sê dat die funksie van die skool-maatskaplike werker dié is van "instaatsteller". Hy diagnoseer en evalu=eer die kind as individu in sy besondere omstandighede.

Dit is die funksie van die skool-maatskaplike werker om die kind te help met probleme wat hom verhinder om op skool te kan presteer. Boston[25] gee die volgende voorbeelde van leerlinge wat na die skool-maatskaplike werker deur die per=soneel van die skool verwys moes word: (1) leerlinge wat hulle probleme in die skool tot uiting laat kom deur aggres=siwiteit, teruggetrokkenheid of die skaam kind, (2) leerlinge wat druip sonder 'n bevredigende of voor die handliggende rede, (3) leerlinge wat honger of siek is en (4) stokkies=draaiers. Dieselfde skrywer beweer tereg dat hierdie pro=bleme 'n weerspieëling is van "conflicts in family relation=ships, unwholesome community conditions, financial difficul=ties, and other social or emotional problems"[26].

---

23) Kyk paragraaf 3.4.

24) Skidmore, R.A. & Thackeray, M.G. Introduction to social work, pp. 91-93.

25) Boston, O. "School social work", <u>Social Work Year Book</u>, National Association of Social Workers, New York, 1960, p. 523.
Powel, H. "Community services co-ordination in elementary schools", <u>Child Welfare</u>, 52, 1973, pp. 383-391.

26) Loc cit.

Die hoogste doel van die skool-maatskaplike werker is volgens Johnson[27)] om aan die kind 'n toepaslike en gelukkige skool=ondervinding te voorsien. Hy lê ook klem op nasorgwerk waardeur vasgestel kan word of hierdie "hoogste doel" selfs ná skoolverlating bereik is of nie.

Samevattend kan gesê word dat die skool-maatskaplike werker in die V.S.A. op die maatskaplike funksionering van die leer=ling fokus; die behoeftes van die kind word bestudeer ten einde hom beter te laat aanpas in die skoolsituasie. Sy werk behels ook ingryping in die omstandighede buite die skool ten einde die kind te bring tot beter aanpassing in die skool[28)]. Ten einde dit te bewerkstellig moet hy vir sy professie opgelei wees en opleiding in maatskaplike werk is 'n vereiste[29)]. Hy werk met die onderwysers, die hoof van die skool, die leerling en die ouers. Hy voer onderhoude en skakel met ander spesialiste buite die skool ten einde die maksimum opvoedkundige voordeel ter wille van die leerling te verkry[30)].

---

27) Johnson, A. School Social Work: Its contribution to profes=sional education, National Association of Social Workers, New York, 1962, p. 726.

28) Sikkema, M. "An analysis of structure and practice of school social work today", Social Service Review, Vol. 23 (December, 1969), pp. 447-453.

29) Sarri, R.C. & Maple, F.F. "The school and the community", National Association of Social Workers, Washington, D.C., 1973, pp. 1293-1296.

30) Skidmore, R.A. & Thackeray, M.G. Introduction to social work, p. 104.

## 4.3 Nederland

In 1955 is in Nederland 'n verslag oor "school-maatschappe=lijk werk" aanvaar en buro's[31)] is gestig met die doel om aan enige leerling met leer- en aanpassingsmoeilikhede op skool direkte of indirekte hulp te verleen. Langs dié weg word 'n kind gesteun om hom nie slegs beter aan te pas nie, maar daardeur word ook die potensialiteite wat in die kind self en sy omgewing[32)] aanwesig is, benut vir die gunstigste ontwik=keling van elke kind[33)].

Verteenwoordigers van die buro's het in 1958 vergader en 'n Nasionale Raad[34)] is in die lewe geroep om onder andere aan=dag aan skool-maatskaplike werk te gee. Geldelike bewilli=ging hiervoor het gedurig gestyg; van bykans 14 miljoen gulde in 1948 tot ongeveer 26 miljoen gulde in 1957[35)].

In 1970 is die ideale personeelsamestelling in so 'n buro soos volg gestel: (i) 'n skoolarts, (ii) 'n verpleegter, (iii) 'n skoolpsigoloog, (iv) 'n psigiater, (v) 'n psigolo=giese assistent, (vi) 'n skool-maatskaplike werker, (vii) 'n

---

31) Hierdie buro's kan vergelyk word met die T.O.D. se kinder=leidingklinieke.

32) Gemeenskapsbronne.

33) <u>Nederlandse Vereeniging voor Maatschappelijk Werk</u>: Publica=tie nr. 18, 1955, Schoolmaatschappelijk werk - het school=maatschappelijk werk in Nederland, p. 53.

34) "De Nationale Raad voor Maatschappelijk Welzijn".

35) <u>Nederlandse Vereeniging voor Maatschappelijk Werk</u>: Publica=tie nr. 18, 1955, Schoolmaatschappelijk werk - het school=maatschappelijk werk in Nederland.

pedagoog, (viii) 'n remediërende onderwyser, en (ix) administratiewe personeel[36].

Die skool-maatskaplike werker is dus in Nederland 'n lid van die kinderleidingkliniekspan. Van Gelder[37] is van mening dat die "schoolmaatschappelijk werker" in noue samewerking met die "schoolpsycholoog"[38] moet werk en dat hulle albei "paedagogische" ervaring en opleiding naas hulle psigologiese en maatskaplike werk opleiding moet hê[39].

Die sogenaamde "preventiewe sorg"[40] word in Nederlandse skole beklemtoon en "schoolpsycholoog" en "schoolmaatschappelijk werker" skakel direk met mekaar ten einde "de behandeling van het gestoorde kind, milieubehandeling en reëducatie" optimaal te laat verloop. Die skoolhoof meld die gevalle by die skool-maatskaplike werker aan[41].

---

36) R.G.N. Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting ..., p. 39.

37) Van Gelder, L. Ontsporing en correctie, p. 23.

38) Met "schoolpsycholoog" word hier bedoel die voorligteronderwyser in die skool.

39) Van Gelder, L. Ibid., p. 29.

40) Hierdie "preventiewe sorg" kom daarop neer dat vroeë uitkenning van probleme by die leerlinge sowel as in die gemeenskap moet plaasvind. Die nodige stappe moet so spoedig moontlik geneem word.

41) Van Gelder, L. Ibid., p. 30.

Die terrein van die skool-maatskaplike werker word deur Wessels[42], 'n skool-maatskaplike werker in Amsterdam, afgebaken as synde besig te wees met die leerling, sy ouers, die skool en die gemeenskap. 'n "Multidisciplinaire benadering" word deur Wessels[43] en Vedder[44] beklemtoon. Laasgenoemde sou graag die remediërende onderwyser in die buro-span wou vervang met 'n "orthopedagoog" en hy sou ook 'n neoroloog wou byvoeg.

Volgens Muilwijk[45] het die skool-maatskaplike werker die volgende benaderingswyse: aanvaarding, beïnvloeding en bystand aan die leerlinge en hulle ouers om self beslissinge te neem. Nasorgwerk moet gedoen word. Hy bepleit ook 'n "multidisciplinaire benadering" en sien die ideale span in 'n kinderleidingkliniek as bestaande uit die "schoolarts, schoolpsycholoog en schoolmaatschappelijk werker". Hierdie samestelling word ook as die ideaal gestel deur die "Landelijke Contactgroep voor Schoolmaatschappelijk Werk"[46].

Samevattend kan gestel word dat die terrein en funksie van

---

42) Wessels, W.J. "Samewerken tussen disciplines", Tijdschrift voor maatschappelijk werk, 24e jrg., nr. 16, 20 September 1970, p. 313.

43) Loc. cit.

44) Vedder, R. Kinderen met leer- en gedragsmoeilijkheden, p. 5,228.

45) Muilwijk, W. "Schoolmaatschappelijk werk in Amsterdam", Tijdschrift voor maatschappelijk werk, 22e jrg, nr. 14, 28 Februarie 1968, pp. 375-379.

46) Nationale Raad voor Maatschappelijk Werk, Kwartaal Informatie Bulletin van de Landelijke Contactgroep Schoolmaatschappelijk Werkers, nr. 9., Juli 1965, pp. 35-38.

Craft[50] omskryf sy funksies soos volg: (1) hy moet sorg dat elke kind toepaslike voltydse onderwys moet ontvang wat aansluit by sy ouderdom, vermoë en aanleg, (2) hy moet toe= sien dat welsynsfasiliteite soos klere, voedsel, vervoer en onderhoud aan elke kind voorsien word ten einde die opvoe= dingsgeleenthede ten volle te benut, (3) as verteenwoordiger van die L.E.A. skakel hy met die Child Guidance Service, die School Medical Officer, Family Casework Agencies, ouerhuise en skole.

Rodgers[51] beklemtoon die opvoedkundige welsynsbeampte se taak ten opsigte van ongereelde skoolbywoning. In samewerking met die skoolbesoek-beampte moet die opvoedkundige welsyns= beampte so gou as moontlik opvolgwerk onderneem ten einde te kan kom tot vroeë ontdekking van ernstige huislike pro= bleme. Hierdie taak ten opsigte van skoolbywoning is eg= ter ondergeskik aan die maatskaplike werk funksie van die opvoedkundige welsynsbeampte.

Die volgende maatskaplike werk bedrewenhede word deur Dixon[52] as vereiste gestel aan die opvoedkundige welsyns= beampte: (1) die bedrewenheid om die huislike omstandighede op 'n simpatieke, intelligente en realistiese wyse te be= nader, (2) 'n deeglike kennis van die gemeenskapsbronne wat

---

50) Craft, M. e.a. Linking home and school, pp. 153-154.

51) Rodgers, B.N. & Stevenson, J. A New portrait of social work, p. 129.

52) Dixon, J. School Attendance Officers: A survey of their present functions and of the development of their work. Unpublished M.A.-thesis, Department of Social Work, University of Manchester, 1956, p. 49.

beskikbaar is en (3) die besondere vermoë om samewerking te verkry van ander instansies wie se dienste dan in belang van die gesin en kind aangewend kan word. Volgens Dixon moet die skoolbesoekbeampte ook oor maatskaplike werk opleiding beskik.

Die arbitrale rol van die opvoedkundige welsynsbeampte word versterk deur die feit dat hy nie aan 'n spesifieke skool verbonde is nie. Ouers gesels openlik met hom en hy moet onbevooroordeeld kan luister ten einde sy gedetailleerde verslae te kan opstel. Aan die ander kant word aanbeveel dat hy deelneem aan die volgende aktiwiteite van skole: sportbyeenkomste, ouer-onderwyseraande, "ope dae" en toere van skoolgroepe[53]. Dit sal alles meebring dat hy by uitnemendheid beskou word as 'n skakel tussen die ouerhuis en die skool.

Net soos die assistent-sielkundige in die Transvaalse Onderwysdepartement belas is met die vervoer van leerlinge na spesiale skole - veral kliniekskole, is die opvoedkundige welsynsbeampte ook daarmee belas. Sodra 'n geval aangemeld moet word, skakel die skoolhoof met die L.E.A. of direk met die opvoedkundige welsynsbeampte. Opsommende huisverslae en aanbevelings word ook deur hom by die L.E.A. ingedien[54].

Die opvoedkundige welsynsbeampte skakel met die hoof van die skool sowel as met die leerling se klas- en voogonderwyser.

---

53) Craft, M. e.a. Ibid., p. 153;
Rawson, H.E. "Residential short term camping for children with behavior problems: a behavior-modification approach", Child Welfare, 52, 1973, pp. 511-520.

54) Rodgers, B.N. & Stevenson, J. Ibid., p. 134.

beskikbaar is en (3) die besondere vermoë om samewerking te verkry van ander instansies wie se dienste dan in belang van die gesin en kind aangewend kan word. Volgens Dixon moet die skoolbesoekbeampte ook oor maatskaplike werk oplei= ding beskik.

Die arbitrale rol van die opvoedkundige welsynsbeampte word versterk deur die feit dat hy nie aan 'n spesifieke skool verbonde is nie. Ouers gesels openlik met hom en hy moet onbevooroordeeld kan luister ten einde sy gedetailleerde verslae te kan opstel. Aan die ander kant word aanbeveel dat hy deelneem aan die volgende aktiwiteite van skole: sportbyeenkomste, ouer-onderwyseraande, "ope dae" en toere van skoolgroepe[53]. Dit sal alles meebring dat hy by uit= nemendheid beskou word as 'n skakel tussen die ouerhuis en die skool.

Net soos die assistent-sielkundige in die Transvaalse Onder= wysdepartement belas is met die vervoer van leerlinge na spesiale skole - veral kliniekskole, is die opvoedkundige welsynsbeampte ook daarmee belas. Sodra 'n geval aangemeld moet word, skakel die skoolhoof met die L.E.A. of direk met die opvoedkundige welsynsbeampte. Opsommende huisverslae en aanbevelings word ook deur hom by die L.E.A. ingedien[54].

Die opvoedkundige welsynsbeampte skakel met die hoof van die skool sowel as met die leerling se klas- en voogonderwyser.

---

53) Craft, M. e.a. Ibid., p. 153;
Rawson, H.E. "Residential short term camping for children with behavior problems: a behavior-modification approach", Child Welfare, 52, 1973, pp. 511-520.

54) Rodgers, B.N. & Stevenson, J. Ibid., p. 134.

As gevolg van sy toegang tot die ouerhuis van die leerling is hy beter in staat om die onderwyser te adviseer in verband met die leerling en saam kan hulle na die oorsake van sy probleme soek. Die leerling se gedrag word ontleed en optrede word beplan met inagneming van alle faktore waaroor beskik word. Nasorgwerk moet selfs ná skoolverlating aandag ontvang[55].

Charlton[56] en Auld[57] verkies die benaming skool-maatskaplike werker bo dié van opvoedkundige welsynsbeampte. Volgens hulle beweeg hy op die terrein van die maatskaplike werk en dus moet sy benaming sy maatskaplike werk opleiding weerspieël. Hulle lê ook klem op sy opleiding in opvoedkunde en sielkunde. Vir hulle is hy egter primêr maatskaplike werker. Rodgers[58] voorspel dat skool-maatskaplike werkers die terrein en funksie van die opvoedkundige welsynsbeampte gaan oorneem en beveel aan dat daar aan elke skool 'n skool-maatskaplike werker verbonde moet wees. Dit sal volgens hom meebring dat die skool-maatskaplike werker verbonde aan die kinderleidingkliniek[59], direk sal kan

---

55) Young, L. Wednesday's Children, p. 77;
Davids, A. "Aggression in thought and action of emotionally disturbed boys", Journal of Consulting and Clinical Psychology, 40, 1973, pp. 322-327.

56) Chorlton, A.R. "Attaching social workers to schools", National Conference on Education, Edge Hill College of Education, Lancashire, 1965, pp. 176-185.

57) Auld, M.H. Ibid., pp. 167-175.

58) Rodgers, B.N. & Stevenson, J. Ibid., p. 134;
Craft, M. e.a. Ibid., pp. 186-204.

59) Sy ideaal is 'n kinderleidingkliniek wat bestaan uit 'n psigiater, sielkundige, ortodidaktikus en spraakterapeut.

skakel met die skool-maatskaplike werker verbonde aan die skool.

Samevattend kan gestel word dat die opvoedkundige welsyns=beampte in Engeland dié persoon is wie se terrein en funk=sie ooreenkomste toon met die assistent-sielkundige in die Transvaalse Onderwysdepartement. Opleiding in maatskap=like werk word as 'n vereiste vir hierdie pos gestel. Hy is by uitnemendheid die skakel tussen die ouerhuis, die skool en welsynsorganisasies. Daar bestaan 'n moontlik=heid dat sy benaming kan verander van opvoedkundige welsyns=beampte na skool-maatskaplike werker.

### 4.5 Samevatting

In die V.S.A., Nederland en Engeland is daar persone wie se terrein en funksie sekere ooreenkomste toon met dié van die assistent-sielkundige in die Transvaalse Onderwysdepartement se sielkundige en voorligtingsdiens.

In die V.S.A. sowel as in Nederland word hy die skool-maat=skaplike werker genoem. In Nederland is hy verbonde aan die kinderleidingkliniek; in die V.S.A. is hy verbonde aan 'n spesifieke skool se personeel. In Engeland lewer die opvoedkundige welsynsbeampte ("Education Welfare Officer") sy dienste as verteenwoordiger van die Local Educational Authority (L.E.A.) en is hy nie aan die personeel van 'n kliniek of 'n skool verbonde nie.

In al drie hierdie lande word opleiding in maatskaplike werk as 'n vereiste gestel ten einde hulle funksies te kan ver=vul. Hulle werk almal met leerlinge wat probleme ondervind.

Hierdie probleme kan beskryf word as opvoedkundig-maatskap=like probleme, byvoorbeeld ongereelde skoolbywoning en on=voldoende toesig en beheer deur hulle ouers. Daar word geskakel met ander welsynsinstansies en gemeenskapsbronne word in belang van die kind ge-utiliseer. Hulle is by uitnemendheid die skakels tussen die skool en die ouerhuis.

In die V.S.A. meld die onderwysers die gevalle direk by die skool-maatskaplike werker aan. In Nederland en Engeland geskied aanmelding deur die skoolhoof. Nasorg=werk in al drie hierdie lande word beklemtoon.

Vervolgens word in hoofstuk 5 'n uiteensetting gegee van die terrein en funksie van die assistent-sielkundige in diens van die Transvaalse Onderwysdepartement.

HOOFSTUK 5

# DIE TERREIN EN FUNKSIE VAN DIE ASSISTENT-SIELKUNDIGE

## 5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word 'n uiteensetting gegee van die ter= rein en funksie van die assistent-sielkundige in die Trans= vaalse Onderwysdepartement. 'n Tematiese uiteensetting van sy terrein en funksie en opleidingsvereistes word aan die einde van hierdie hoofstuk gevolg deur 'n kritiese oorsig.

## 5.2 Tematiese uiteensetting van die terrein en funksie van die assistent-sielkundige

Uit hoofstuk 3 het dit geblyk dat die pos van die assistent-sielkundige ingestel is met die daarstelling van die Loop= spruitkliniekskool[1]. Die uitbreiding van die sielkundige en voorligtingsdiens het tot gevolg gehad dat die terrein en funksie van die assistent-sielkundige ook uitgebrei het, so= dat die volgende aspekte van sy taak tans onderskei kan word.

### 5.2.1 Die voorkoming van jeugmisdaad

Een van die eerste pligte van die assistent-sielkundige was

---

1) Kyk paragraaf 3.3.

die opdrag in verband met jeugmisdaad, spesifiek die voorkoming daarvan.

In 'n advertensie[2] van die betrokke vakature[3] is in 1955[4] soos volg geformuleer: "Moet hoofsaaklik behulpsaam wees met die voorkoming van jeugmisdaad." In 1956 is die omskrywing in verband met die voorkoming van jeugmisdaad in die handboek van instruksies vir die leiding van hoofde van skole soos volg gestel: "(1) Die voorkoming van jeugmisdaad deur (a) gedragsafwykende leerlinge of leerlinge met karaktertrekke wat sorgwekkend is, so vroeg moontlik onder die aandag van die departementele sielkundiges te bring; (b) leerlinge wat moeilik by die skool aanpas en besondere sorg nodig het, se huislike omstandighede te ondersoek"[5]. Na 1960 word daar nie weer verwys na die voorkoming van jeugmisdaad as 'n plig van die assistent-sielkundige nie[6].

---

2) Die Provinsie Transvaal, Byvoegsel tot die provinsiale koerant, 27 April 1955, p. 6.

3) Hierdie vakature was vir 'n "besoekende onderwyser" - die destydse benaming van die assistent-sielkundige; kyk paragraaf 3.4.

4) Alhoewel die Loopspruitkliniekskool reeds in 1952 begin is, (kyk paragraaf 3.3.) kon daar voor 1955 nêrens 'n formulering van die terrein en funksie van die assistent-sielkundige gevind word nie.

5) Die Provinsie Transvaal, Transvaalse Onderwysdepartement: Handboek van instruksies vir die leiding van hoofde van skole, 1956/7, p. 68.

6) Die Provinsie Transvaal, Buitengewone provinsiale koerant, 5 April 1960, p. 10.

5.2.2 Die plasing en nasorg van leerlinge

Die plasing en nasorg van leerlinge is reeds in 1955 ver=meld, maar daar word nie hierop uitgebrei nie[7]. In ver=band met die plasing en nasorg van leerlinge is in 1956 soos volg geskryf: "Nasorg van leerlinge wat die spe=siale skole verlaat, naamlik: (a) die kinders van die skool wat gerehabiliteer is en weer in hulle ou skool- en huislike verband opgeneem word; (b) die verstandsafwyken=de leerling wat in werk geplaas word"[8]. Hoe die assis=tent-sielkundige hierdie nasorgdienste moes lewer, is nie omskryf nie[9].

In 1960 is die "plasing en nasorg" van leerlinge gestel as die wyse waarop die assistent-sielkundige die "ouers en kinders" moet rehabiliteer. Wie geplaas moet word en waar hy geplaas moet word, is verswyg[10].

Groenewald het in 1962 die taak van die assistent-sielkun=dige in verband met die verwydering van leerlinge en na=sorgdienste soos volg omskryf: "Nadat kinders uit hulle ouerhuise verwyder is, word gereelde[11] nasorg-besoeke by

7) Die Provinsie Transvaal, Byvoegsel tot die provinsiale koerant, 27 April 1955, p. 6.

8) Die Provinsie Transvaal, Transvaalse Onderwysdepartement: Handboek van instruksies vir die leiding van hoofde van skole, 1956/7, p. 69.

9) Kyk paragrawe 6.2.6., 6.2.7. en 6.2.8.

10) Die Provinsie Transvaal, Buitengewone provinsiale koerant, 5 April 1960, p. 10.

11) Hoe gereeld hierdie besoeke was, is nie gegee nie.

die ouerhuis en die kind afgelê sodat hierdie personeel=lede die lewende skakel tussen die gesin en die verwyderde kind is. Ook waar leerlinge ná 'n periode van verwyde=ring teruggeplaas word by hulle ouers, word daar nasorg=werk gedoen. Gedragsafwykende kinders wat ná skoolverla=ting in 'n beroep staan, word ook besoek ten einde die jongmense verder te steun deur toepaslike nasorgwerk te doen"[12].

In 1966[13] en 1974[14] is ook net weer genoem dat die assistent-sielkundige 'n funksie het in verband met die plasing en nasorg van leerlinge. In 1974[15] word gemeld dat die assistent-sielkundige leerlinge in "koshuise" moet plaas. Watter leerlinge in watter tipe koshuise geplaas moet word, word nie aangedui nie. Hy moet egter leerlinge plaas "in samewerking met die sielkundige (klinies)". Die aard van hierdie samewerking met die skoolsielkundige (klinies) word nie aangedui nie.

5.2.3 Huisbesoeke

Die "plasing en nasorg" van leerlinge is in 1955 beskou as die taak van die assistent-sielkundige en moes "deur

---

12) Onderwysbulletin, 7:2, Junie 1962, p. 102.

13) Die Provinsie Transvaal, Buitengewone provinsiale koerant, 5 Oktober 1966, p. 12.

14) Die Provinsie Transvaal, Buitengewone provinsiale koerant, 2 Oktober 1974, p. 6; Onderwysnuusflitse, nr. 39, Junie 1974, pp. 3-4.

15) Loc. cit.

huisbesoeke" afgehandel word[16]. Dit impliseer dat die assistent-sielkundige die ouers van die leerlinge moes be= soek. In 1956/7 is daar in hierdie verband soos volg op= drag gegee: "Gereelde besoeke aan gesinne van wie kin= ders die Kliniekskool Loopspruit besoek"[17].

Groenewald het in 1962 in verband met huisbesoeke deur die assistent-sielkundige soos volg geskryf: "Wanneer daar leerlinge is wat in hulle gedrag afwyk, wat op 'n dwaalweg beland het, dan besoek hierdie personeellede die ouerhuise van sodanige leerlinge. In hierdie besoeke word die ouers positief beïnvloed waar nodig. Die samewerking van die ouers word gesoek en talle ouers word hervorm ten op= sigte van hulle houding teenoor hulle kinders"[18].

5.2.4 Skakelwerk

In 1955 is gestel dat die assistent-sielkundige "moet dien as skakelbeampte tussen alle belanghebbende departemente en organisasies"[19]. Die "belanghebbende departemente en organisasies" is nie omskryf nie. In 1956/7 lui 'n om= skrywing in verband met hierdie skakelwerk soos volg:

---

16) Die Provinsie Transvaal, Byvoegsel tot die provinsiale koerant, 27 April 1955, p. 6.

17) Die Provinsie Transvaal, Transvaalse Onderwysdepartement: Handboek van instruksies vir die leiding van hoofde van skole, 1956/7, p. 69.

18) Onderwysbulletin, 7:2, Junie 1962, p. 102.

19) Die Provinsie Transvaal, Byvoegsel tot die provinsiale koerant, 27 April 1955, p. 6.

"(Die assistent-sielkundige moet) ... deur onderhandelings met die volgende verhoed dat kinders vir minder ernstige oortredings[20] gestraf of gekommitteer word: (a) Kringinspekteurs, Proefbeamptes, Volkswelsyndepartement, C.M.R., Kindersorg, Maatskaplike Dienste, Skoolbesoekbeamptes en ouers, (b) Magistrate van die jeughof, ten einde die belange van die betrokke kinders te behartig"[21]. Op die besondere samewerking tussen die assistent-sielkundige en die Departement van Volkswelsyn word nie uitgebrei nie[22].

Die assistent-sielkundige se skakelwerk word in 1966 soos volg gestel: "Moet ook dien as skakelbeampte tussen belanghebbende skole, departemente en organisasies"[23]. Onderwysnuusflitse stel die saak in hierdie verband soos volg: "Hy skakel met die ander afdelings, die skool, die ouers en ander instansies"[24]. Hier word weer 'n vae opdrag aan die assistent-sielkundige gegee.

### 5.2.5 Die voorkoming van stokkiesdraaiery

In 1956/7 is die voorkoming van stokkiesdraaiery ingesluit onder die pligte van die assistent-sielkundige. Hy moes

---

20) Daar word nie verduidelik wat met "minder ernstige oortredings" bedoel word nie.

21) Die Provinsie Transvaal, Transvaalse Onderwysdepartement: Handboek van instruksies vir die leiding van hoofde van skole, 1956/7, p. 68.

22) Kyk paragraaf 6.2.10.

23) Die Provinsie Transvaal, Buitengewone provinsiale koerant, 5 Oktober 1966, p. 12.

24) <u>Onderwysnuusflitse</u>, nr. 39, Junie 1974, pp. 3-4.

dit verhoed deur "(a) kontak met skole, ouers, die skool=rade en buitebeamptes[25] te maak, (b) die kind self te behandel[26] en, indien wenslik, te verwys na die Kring=inspekteur en die Sielkundige"[27]. Ná 1956 word daar nie weer melding gemaak van die assistent-sielkundige se funksie in verband met die voorkoming van stokkiesdraaiery nie.

### 5.2.6 Die tref van vakansiereëlings vir kliniekskoolleerlinge

In 1956/7 is die assistent-sielkundige belas met "die tref van vakansiereëlings vir leerlinge wat die Kliniekskool Loopspruit besoek"[28]. Wat hierdie "vakansiereëlings" behels het word nêrens omskryf nie[29].

### 5.2.7 Rehabilitasie van ouers en kinders

Van die assistent-sielkundige is in 1960 verwag "om be=hulpsaam te wees met die rehabilitasie van ouers en kin=ders"[30]. Die aard van hierdie rehabilitasiedienste deur die assistent-sielkundige word nie aangedui nie.

---

25) Hierdie buitebeamptes is vaag en word nie omskryf nie.

26) Hoe hy hom moes behandel word nie verduidelik nie.

27) Die Provinsie Transvaal, Transvaalse Onderwysdepartement: Handboek van instruksies vir die leiding van hoofde van skole, 1956/7, p. 69.

28) Loc. cit.

29) Kyk paragraaf 6.2.7.

30) Die Provinsie Transvaal, Buitengewone provinsiale koerant, 5 April 1960, p. 10.

5.2.8 Verslae

In 1960 word daar met betrekking tot die assistent-sielkundige en die opstel van verslae die volgende vermeld: "Selfs in die nasorg moes verslae oor die vordering van die kinders ingedien word"[31]. Hierdie blyk nasorgverslae te wees, maar geen verdere omskrywing in verband met die vorm en inhoud van sulke verslae kon verkry word nie[32]. Groenewald het in 1962 die verslae soos volg omskryf: "Waar dit nodig blyk om die leerling uit sy gesin te verwyder, word 'n huisverslag[33] of gesinsverslag opgestel wat die maatskaplike struktuur van die ongunstige situasie aantoon"[34].

5.2.9 Die hantering van gedragsafwykende leerlinge

In 1966 is daar in 'n amptelike advertensie vir die pos van assistent-sielkundige onder andere die volgende omskrywing van die pligte gegee: "Moet hoofsaaklik behulpsaam wees met die hantering van gedragsafwykende kinders deur middel van besoeke, plasing en nasorg"[35]. Hierdie formulering is ook in 1974 herhaal in 'n soortgelyke amptelike advertensie[36]. Onderwysnuusflitse nr. 39 van Junie 1974 gee

---

31) T.O.D.-verslag, 1960, p. 26.

32) Kyk paragraaf 6.2.5.

33) Kyk aanhangsel B.

34) Onderwysbulletin, 7:2, Junie 1962, p. 102.

35) Die Provinsie Transvaal, Buitengewone provinsiale koerant, 5 Oktober 1966, p. 12.

36) Die Provinsie Transvaal, Buitengewone provinsiale koerant, 2 Oktober 1974, p. 6.

die hantering van gedragsafwykende leerlinge deur die assistent-sielkundige soos volg aan: "Die veld wat deur die assistent-sielkundige gedek word, is wyd en uiteenlo= pend. Hoofsaaklik verken en evalueer hy die kind in die gesin- en skoolsituasie ten opsigte van afwykende gedrags= wyses"[37].

## 5.3 Opleidingsvereistes

In 1955 is die volgende opleidingsvereistes aan die besoe= kende onderwyserspos gestel: "'n Erkende professionele kwalifikasie en ervaring in onderwys, maatskaplike werk, sosiologie, en sielkunde is noodsaaklik"[38]. Die oplei= dingsvereistes was in 1960 soos volg gestel: "'n Erkende onderwysersertifikaat en 'n graad in maatskaplike werk en/ of sosiologie en/of sielkunde en minstens agt jaar ervaring as onderwyser(es), wat ook ervaring as voorligteronderwyser insluit, sal sterk aanbevelings wees"[39].

In 1963 beweer Vorster[40] dat die besoekende onderwysers "hoofsaaklik sosiologies-pedagogies geskool (is) en (dat hy) te doen (het) met die maatskaplike sy van die Voorligtings= diens."

---

37) <u>Onderwysnuusflitse</u>, nr. 39, Junie 1974, pp. 3-4.

38) Die Provinsie Transvaal, Byvoegsel tot die provinsiale koerant, 27 April 1955, p. 6.

39) Die Provinsie Transvaal, Byvoegsel tot die provinsiale koerant, 5 April 1960, p. 10.

40) Vorster, J.A. Aspekte van onderwysontwikkeling in Trans= vaalse Provinsiale skole vir blankes in die tydperk 1950- 1963, p. 326.

Die vereistes vir aanstelling in die pos van assistent-sielkundige is in 1966 in 'n advertensie soos volg geformuleer: "Die Transvaalse Onderwysersdiploma of gelykwaardige kwalifikasies en die minimum van agt jaar erkende onderwysondervinding is noodsaaklik. 'n Graad met maatskaplike werk en/of sosiologie en/of sielkunde as hoofvakke sal 'n aanbeveling wees"[41].

Die minimum kwalifikasies is in 1969 soos volg gestel:

"(a) 'n kwalifikasie wat as kategorie C[42] ingedeel is en wat 'n erkende professionele onderwyskwalifikasie insluit;
(b) sewe jaar werklike onderwyservaring.
'n Erkende graad met maatskaplike werk en/of sosiologie en/of sielkunde as hoofvakke, sal 'n aanbeveling wees"[43].

Sedert 1969 het die opleidingsvereistes vir die assistent-sielkundige nie verander nie[44].

---

41) Die Provinsie Transvaal, Buitengewone provinsiale koerant, 5 Oktober 1966, p. 12.

42) Kategorie C behels drie jaar erkende en werklike minimum getal voorgeskrewe voltydse professionele of akademiese studiejare aan 'n goedgekeurde universiteit of opleidingsinrigting na verwerwing van die standerd 10-sertifikaat of gelykwaardige kwalifikasie. Vgl. Die Provinsie Transvaal, Buitengewone provinsiale koerant, 10 April 1974, p. 7.

43) Die Provinsie Transvaal, Buitengewone provinsiale koerant, 19 Februarie 1969, p. 6.

44) Vgl. Die Provinsie Transvaal, Buitengewone provinsiale koerant, 28 Februarie 1973, p. 18; Die Provinsie Transvaal, Buitengewone provinsiale koerant, 2 Oktober 1974, p. 6.

Van die 24 assistent-sielkundiges wat tans (1974) verbonde is aan die kinderleidingklinieke is die kwalifikasies soos volg: daar is twee wat slegs drie jaar opleiding het en dus in kategorie C ingedeel is; hulle het albei onderwys=diplomas. Vyftien het B.A.-grade en onderwysdiplomas. Een het 'n Hons.B.A.-graad en 'n onderwysdiploma. Een het 'n M.A.-graad en 'n onderwysdiploma. Vyf het B.A., B.Ed.-grade en onderwysdiplomas. Slegs een van die assistent-sielkundiges met die B.A.-graad en 'n onderwysdiploma het 'n B.A.-graad in maatskaplike werk.

| Kwalifikasie | | Getal assistent-sielkundiges | |
|---|---|---|---|
| Onderwysdiplomas | : | 2 | (Kategorie C) |
| B.A. + onderwysdiploma | : | 15 | (Kategorie D) |
| B.A.Hons + onderwysdiploma | : | 1 | (Kategorie E) |
| M.A. + onderwysdiploma | : | 1 | (Kategorie F) |
| B.A. + B.Ed. + onderwys= diploma | : | 5 | (Kategorie E) |
| | | 24 [45] | |

45) Hierdie inligting is in September 1974 met die toestemming van die T.O.D. verkry van die hoof van die sielkundige en voorligtingsdiens van die T.O.D. (Dit was nie moontlik om die vakke wat deur die assistent-sielkundiges behaal is, te kry nie.)

## 5.4 Kritiese oorsig

Wat die terrein en funksie van die assistent-sielkundige betref, blyk dit dat daar vanaf 1955 tot 1960 besonder klem gelê is op die "voorkoming van jeugmisdaad". Hierdie for= mulering is vaag en die begrip "jeugmisdaad" word nie om= skryf nie[46].

Die assistent-sielkundige is ook verantwoordelik daarvoor om leerlinge met probleme in gewone koshuise te plaas as hulle volgens die Departement nie in 'n kliniekskool opge= neem hoef te word nie. Die kriteria waarvolgens die graad van "gedragsgestremdheid" bepaal moet word, word egter nie gegee nie, terwyl die wyse van skakeling met die betrokke skoolraad ten einde beurse te bekom ook nie omskryf word nie.[47]

Nasorgdienste word beklemtoon, maar word nie omskryf nie terwyl daar geen spesifieke voorskrifte is ten opsigte van die inhoud en samestelling van hierdie nasorgverslae nie[48]. Hoe gereeld hierdie verslae ingedien moet word, word ook nie gestipuleer nie[49].

Dit blyk verder dat van die assistent-sielkundige verwag word om die ouerhuise van leerlinge te besoek en vertrou= like inligting te bekom wat dan op skrif gestel moet word.

---

46) Kyk paragraaf 5.2.1.

47) Kyk paragraaf 5.2.2.

48) Kyk paragraaf 5.2.2.

49) Kyk paragraaf 5.2.8.

Nêrens word die etiek van hierdie optrede van die assis=
tent-sielkundige uiteengesit nie en hierdie feit word as
'n leemte aangevoel, daar dit uit die opvoedkundige kwali=
fikasies van die assistent-sielkundiges blyk dat hulle nie
opgelei is om huise te betree nie[50].

Telkens word na die assistent-sielkundige verwys as 'n
"skakelbeampte". Hierdie skakeling is van kardinale be=
lang en sal in die volgende hoofstuk uiteengesit word,
maar tot op datum is die lys van instansies wat wel aange=
gee word, onvolledig, terwyl die wyse van skakeling ook
nie duidelik geformuleer word nie[51].

Dit is onduidelik wat die presiese modus operandi van die
assistent-sielkundige is met betrekking tot die stokkies=
draaiers. Uit die praktyk blyk dit dat die skoolbesoek=
beamptes belas is met die probleem van ongereelde skoolby=
woning en alhoewel daar noue samewerking tussen die assis=
tent-sielkundige en die skoolraad se skoolbesoekbeamptes
behoort te wees, word daar geen spesifieke wyse van skake=
ling aangegee nie[52].

Die begrip "rehabilitasie" word dikwels aangetref as synde
'n taak van die assistent-sielkundige. Wat rehabilitasie
behels en hoe daar gerehabiliteer moet word, word nie aan=
gedui nie[53].

---

50) Kyk paragraaf 5.2.3.

51) Kyk paragraaf 5.2.4.

52) Kyk paragraaf 5.2.5.

53) Kyk paragraaf 5.2.7.

Die Kinderwet, Wet nr. 33 van 1960, (soos gewysig), is daarop ingestel om die kind te beskerm en verwydering uit sy ouerhuis as wyse van ingryping in sy omstandighede word slegs oorweeg nadat intensiewe professionele ondersoeke ge= doen is. Uit die praktyk blyk dit egter dat die huisver= slag van die assistent-sielkundige - wat dikwels opgestel is deur 'n onbevoegde persoon - van deurslaggewende beteke= nis is in die verwydering van leerlinge uit hulle ouer= huise[54].

Die begrip "afwykende gedrag" word nie omskryf nie en ge= volglik kan dit aanleiding gee tot verwarring en selfs mis= bruik[55].

Nêrens word die wyse van sertifisering van gedragsafwykende leerlinge presies uiteengesit nie. Dit blyk egter uit die praktyk dat die skoolhoof die naam van 'n leerling wat volgens sy oordeel afwyk in sy gedrag, op 'n T.O.D.-3-vorm aanteken[56]. Nadat dié vorm deur die kringinspekteur onderteken is word dit ontvang deur die voorsitter van die kinderleidingkliniek wat die betrokke skool bedien. Die assistent-sielkundige gaan spreek dan die betrokke skool= hoof en probeer vasstel wat die aard van die afwyking is. Hierna besoek hy die ouerhuis van die leerling. 'n Onder= houd word met die ouers gevoer waartydens persoonlike vrae aan hulle gevra word. (Vgl. T.O.D.-294: Verslag van huis= like omstandighede[57]). Op grond van hierdie inligting

54) Kyk paragraaf 5.2.8.

55) Kyk paragraaf 5.2.9.

56) Kyk Bylae A.

57) Kyk Bylae B.

stel hy dan 'n huisverslag op. Intussen het die skool=sielkundige (klinies) 'n onderhoud met die hoof van die skool sowel as met die betrokke leerling gevoer en sekere projeksietoetse is met die leerling gedoen. Die hoof moet dan die T.O.D. 290(a) vorm (Verslag van hoof oor leerling)[58] voltooi, terwyl die skoolsielkundige (kli=nies) die T.O.D. 290 vorm (Verslag van sielkundige)[59] voltooi. Die assistent-sielkundige se huisverslag word dan saam met die voltooide en deur die ouer ondertekende T.O.D. 137-vorm (Aansoek om toelating tot spesiale skool/klas)[60] en die ander voltooide vorms aan die hoof van die sielkundige en voorligtingsdiens gestuur.
Die Departement besluit dan of die leerling gesertifiseer moet word en sodra die besluit bekend is, is dit die taak van die assistent-sielkundige om die leerling na die spesifieke kliniekskool te vervoer.

Die noodsaaklike spanwerk in 'n kinderleidingkliniek kan nie tot sy reg kom so lank as wat die terrein en funksie van die assistent-sielkundige nie presies afgebaken is nie.

Ten einde professionele dienste te kan lewer moet die assistent-sielkundige oor die nodige professionele op=leiding beskik. Indeling in kategorie C kan beslis nie as aanvaarbaar beskou word om onderhoude te voer en pro=fessionele huisverslae op te stel nie. Slegs een van

58) Kyk Bylae C.

59) Kyk Bylae D.

60) Kyk Bylae E.

die vyftien assistent-sielkundiges wat 'n B.A.-graad plus 'n onderwysdiploma besit, het maatskaplike werk as hoofvak geneem. Uit die afdeling wat handel oor opleidingsvereistes[61] kan ook afgelei word dat daar sedert 1960, toe 'n graad en 'n onderwysdiploma vereis is, laer vereistes gestel is aan die assistent-sielkundige. Anders gestel: in 1960 moes die besoekende onderwyser byvoorbeeld 'n B.A.-graad sowel as 'n onderwysdiploma besit - in 1974 kwalifiseer 'n persoon met 'n driejarige onderwysdiploma sonder 'n graad vir dié pos. Alhoewel maatskaplike werk en/of sosiologie en/of sielkunde as 'n "aanbeveling" beskryf word, kan slegs 'n persoon wat oor 'n graad beskik aanspraak maak op hierdie vakke as synde hoofvakke; dit beteken dat twee assistent-sielkundiges wat tans (1974) dienste lewer nog steeds kwalifiseer op grond van die minimum vereiste, naamlik kategorie C. Afgesien hiervan word geen melding gemaak van nagraadse akademiese studie nie; veral Opvoedkunde, wat as noodsaaklik beskou word, word nie as vereiste gestel nie. Dit is verblydend om te kan meld dat sewe van die assistent-sielkundiges oor nagraadse akademiese kwalifikasies beskik.

## 5.5 Samevatting

Samevattend kan gestel word dat die terrein en funksie van die assistent-sielkundige nie duidelik omskryf word nie en dit lei gevolglik tot verwarring.

---

60) Kyk paragraaf 5.3.

Wat die opleidingsvereistes betref, word geen spesifieke vereistes gestel nie, behalwe indeling in kategorie C.

Vervolgens word in hoofstuk 6 'n sintese en perspektief met betrekking tot die pos skoolsielkundige (maatskaplik) gegee.

HOOFSTUK 6

# SINTESE EN PERSPEKTIEF

## 6.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word 'n sintese uit die literatuur en 'n perspektief ten opsigte van alle aspekte van die pos van die skoolsielkundige (maatskaplik) gegee. Uit hierdie be= naming kan afgelei word dat dié persoon as gevolg van die voorvoegsel "skool", in die eerste instansie pedagogies op= gelei is en dus primêr 'n opvoedkundige is. Tweedens is hy opgelei in die sielkunde en veral maatskaplike werk[1].

'n Oorsig oor die terrein en funksie van hierdie persoon word gevolg deur 'n bespreking van die selfstandigheid van hierdie dissipline. Hierna word die opleidingsvereistes, die voorgestelde ampstitel van die persoon wat hierdie dienste lewer en sy status en salarisstruktuur uiteengesit.

---

1) Kyk paragraaf 6.5.

## 6.2 Terrein en funksie van die skoolsielkundige (maatskaplik)

### 6.2.1 Die versorging van leerlinge met opvoedkundig-maatskaplike probleme

Uit 'n beskouing van die situasie in die V.S.A., Nederland, Engeland en in Transvaal blyk dat die skoolsielkundige (maatskaplik) verantwoordelik is vir die versorging van leerlinge met opvoedkundig-maatskaplike probleme. Dit spreek vanself dat hierdie gespesialiseerde diens gebaseer is op sy begrip van menslike gedrag, sy bedrewenheid in onderhoudvoering, sowel as sy kennis van en vermoë om gemeenskapsbronne in belang van die kind te utiliseer.

Die aard van die probleme wat gehanteer moet word, kan wissel tussen probleme in verband met sy ouers, probleme met betrekking tot die kind se omgewing en probleme by die kind self. Samevattend kan dit dus beskou word as opvoedkundig-maatskaplike probleme[2].

### 6.2.2 Aanmelding

Sodra 'n spanningsituasie wat 'n kind se rolvervulling nadelig beïnvloed deur die skoolhoof via die kringinspekteur by die kinderleidingkliniek op die T.O.D.-3 vorm[3], aangemeld word, moet die skoolsielkundige (maatskaplik) die aard van die probleem identifiseer. In die V.S.A. is die skool-maatskaplike werker 'n lid van die personeel van die

---

2) Kyk paragrawe 4.2., 4.3. en 4.4.

3) Kyk paragraaf 5.4.

skool en die onderwysers meld die gevalle direk by hom aan[4]. In Nederland en Engeland is dit die skoolhoof wat verantwoordelik is vir die aanmelding van leerlinge wat professionele hulp benodig[5]. Nadat die skool-maatskap= like werker die probleem soos aangemeld omskryf het, moet hy oorgaan tot sy ondersoek.

### 6.2.3 Besoek aan die skool

Buiten in die V.S.A., waar die skool-maatskaplike werker 'n lid is van die personeel van die skool[6], besoek die Neder= landse skool-maatskaplike werker[7] en die opvoedkundige welsynsbeampte in Engeland[8], die skole. In Transvaal besoek die skoolsielkundige (maatskaplik) die skool en 'n onderhoud word gevoer met die skoolhoof en/of die perso= neellid wat die probleem onder die aandag gebring het[9]. Alle gegewens sowel as die bronne word op skrif gestel in 'n kinderleidingkliniekklêer wat geopen is vir die betrokke kind. 'n Onderhoud word by die skool met die kind gevoer, gegewens ingewin en indien nodig, word die ouers ontbied of 'n onderhoud met hulle tuis gereël.

---

4) Kyk paragraaf 4.2.
5) Kyk paragrawe 4.3. en 4.4.
6) Kyk paragraaf 4.2.
7) Kyk paragraaf 4.3.
8) Kyk paragraaf 4.4.
9) Kyk paragraaf 5.4.

6.2.4 Huisbesoeke

Net soos die gebruik in Transvaal, is die persoon wat opvoedkundig-maatskaplike probleme hanteer in die V.S.A., Nederland en in Engeland by uitnemendheid belas met huis=besoeke[10]. Die skoolsielkundige (maatskaplik) kan, in=dien nodig, deur die landdros wat aangestel is om bepaalde pligte ingevolge die Kinderwet te onderneem in die gebied wat onder hom ressorteer, gemagtig word om die ouerhuis van die leerling te betree. 'n Onderhoud word gevoer met die ouers van die kind en hulle siening ten opsigte van hulle kind en die probleem word verkry. Alle gege=wens en waarnemings word op skrif gestel en in die lêer geplaas.

6.2.5 Verslae

Gedetailleerde verslae moet deur die skoolsielkundige (maatskaplik) opgestel word[11]. Die doel met hierdie verslae kan soos volg gestel word:

(1) Dit gee aan die skoolsielkundige (maatskaplik) nā die besoeke die geleentheid om te besin, sy waarne=mings te formuleer en die verband met vorige besoeke en gesprekke aan te dui. Daardeur gee hy aan hom=self rekenskap van waarmee hy besig is en kry daar=deur ook 'n beter insig in sy werk.

(2) Die verslae moet daarop gerig wees om 'n geheelbeeld

---

10) Kyk paragraaf 4.5.

11) Kyk paragrawe 4.4. en 5.4.

te gee; die inhoud moet die volgende inligting bevat:

(a) Identifiserende besonderhede
(b) Doel met die verslag
(c) Inleidende opmerkings
(d) Inligtingsbronne
(e) Gesinsgeskiedenis
(f) Gesinsverhoudings
(g) Omgewing- en behuisingsomstandighede
(h) Finansiële posisie
(i) Sosio-kulturele omstandighede
(j) Vertolking van feite
(k) Diagnose
(l) Prognose
(m) Aanbevelings

(3) Indien 'n ander skoolsielkundige (maatskaplik) sou oorneem, gee die verslae 'n beeld van werk wat reeds gedoen is en word kontinuïteit verseker.

(4) Aan die einde van elke jaar moet 'n opsommende ver= slag oor elke kind op lêer, geskryf word.

6.2.6 Plasing van leerlinge in skoolkoshuise

Die skoolsielkundige (maatskaplik) moet verantwoordelik wees vir die terapeutiese plasing van sekere leerlinge in skoolkoshuise[12]. Hy moet die ouers help om aansoek te

12) Kyk paragraaf 5.2.2.

doen by die skoolraad vir beurse in hierdie verband. Hierdie terapeutiese plasing sluit leerlinge in wie se gedrag en omstandighede van sô 'n aard is dat hulle nie na 'n kliniekskool verwys moet word nie.

### 6.2.7 Kliniekskoolleerlinge

Die Transvaalse Onderwysdepartement beskik oor drie kliniekskole[13]. Indien 'n leerling se opvoedkundig-maatskaplike probleem van so 'n aard is dat hy in 'n kliniekskool opgeneem moet word[14], is dit die taak van die skoolsielkundige (maatskaplik) in samewerking met die skoolsielkundige (klinies) en die Transvaalse Onderwysdepartement om hom te laat sertifiseer.

Die skoolsielkundige (maatskaplik) behoort self in staat te wees om die nodige projeksietoetse vir sertifisering aan die kind te gee. Omdat daar ingegryp gaan word in die omstandighede van die kind kan dit verwarrend op hom inwerk as "nog 'n vreemde volwassene" in die persoon van die skoolsielkundige (klinies) die projeksietoetse afneem. Die oorplasing na 'n kliniekskool behels 'n ingryping in die beleweniswêreld van die kind en die nodige voortgesette vertrouensverhouding met die skoolsielkundige (maatskaplik) is van kardinale belang ten einde die kind se gevoel van veiligheid te verseker.

---

13) Kyk paragraaf 3.5.

14) Kyk paragraaf 1.6.(9).

Die skoolsielkundige (maatskaplik) moet besef dat die kind se eie ouerhuis nooit vervang kan word nie. Plaas=vervangende sorg in 'n kliniekskool moet as tydelik beskou word en sodra hy gerehabiliteer is, moet hy teruggeplaas word by sy eie ouers. Juis hierom is dit noodsaaklik dat die skoolsielkundige (maatskaplik) te alle tye op hoogte moet wees van die kind se vordering op die kliniekskool, sowel as die omstandighede tuis. Die skoolsielkundige (maatskaplik) vorm die band tussen die kind in die kliniek=skool en sy ouers[15]. Gereelde verslae oor die huislike omstandighede, minstens twee per termyn, moet deur die skoolsielkundige (maatskaplik) opgestel word. Afskrifte van alle verslae in verband met die ouerhuis sowel as die kind, moet in die kind se persoonlike lêer geplaas word. Intieme samewerking tussen die kliniekskoolpersoneel - veral die skoolsielkundige (klinies) verbonde aan die kliniekskole, is noodsaaklik.

Gereelde besoeke moet aan die kliniekskoolleerlinge gebring word. Die ouers van hierdie leerlinge moet aangemoedig word om hulle kinders te besoek, aan hulle te skryf en om openhartig te wees met die kliniekskoolpersoneel. Langs dié weg word die ouer se verantwoordelikheid ten opsigte van die versorging en opvoeding van hulle kind bevorder. Die skoolsielkundige (maatskaplik) moet daarteen waak dat die ouers van kliniekskoolleerlinge die kliniekskool beskou as 'n gerieflike en goedkoop "bêreplek" vir hulle kinders.

---

15) Kyk paragraaf 5.2.4.

Gedurende skoolvakansies moet die skoolsielkundige (maat= skaplik) die ouers aanmoedig om indien moontlik self hulle kinders van en na die kliniekskool te vervoer. Die ouers van hierdie leerlinge moet vir die skoolvakansies voorberei word sodat hulle onmisbare aandeel in die kinders se op= voeding voortgesit word. Dit vereis intensiewe bespreking met hulle en die skoolsielkundige (maatskaplik) beplan dan saam met hulle watter gesindhede hulle moet openbaar. Sinvolle vryetydsbesteding moet ook bespreek word[16]. Indien hierdie voorbereiding nagelaat word, kan afbreuk ge= doen word aan die behandeling van die leerlinge.

Die kliniekskoolleerlinge moet ook voorberei word vir die skoolvakansies. Gedurende hierdie skoolvakansies behoort daar kinderleidingkliniekpersoneel beskikbaar te wees in= dien ernstige probleme sou opduik. Die leerling sowel as sy ouers moet dus weet dat daar hulp beskikbaar is indien dit nodig word.

Die skoolsielkundige (maatskaplik) se intieme kennis van die leerlinge en hulle ouers maak van hom die aangewese persoon om sitting te hê tydens desertifiseringsvergade= rings van die kliniekskole. Hy is ook verantwoordelik vir die terugplasing van die gedesertifiseerde leerlinge in gewone skole. Verantwoordelikheid moet ook geneem word vir die plasing van leerlinge in 'n geskikte betrek= king. Hier werk die skoolsielkundige (maatskaplik) in= tiem saam met die skoolsielkundige (voorligtend).

16) Kyk paragraaf 5.2.6.

6.2.8 Nasorgwerk

Nasorgwerk word in die V.S.A., Nederland, Engeland en in Transvaal beklemtoon[17].

Die skoolsielkundige (maatskaplik) se taak is nie afgehan=del wanneer 'n leerling met opvoedkundig-maatskaplike pro=bleme gedesertifiseer, in 'n betrekking geplaas, opgeneem is in 'n skoolkoshuis of vrystelling van verpligte skool=bywoning ontvang het nie. Nasorgdienste moet gelewer word.

Hierdie nasorgwerk behels voortgesette behandeling. Be=soeke aan die ouers en die leerlinge moet nog steeds ge=bring word. Verslae moet in die persoonlike kinderlei=dingkliniekklêers geplaas word. Die beskikbaarheid van die skoolsielkundige (maatskaplik) se dienste moet onder die aandag gebring word van die leerlinge en hulle ouers.

6.2.9 Vrystelling van verpligte skoolbywoning

In samewerking met die skoolsielkundige (voorligtend) is dit die verantwoordelikheid van die skoolsielkundige (maatskaplik) om leerlinge en hulle ouers te adviseer in verband met vrystelling van verpligte skoolbywoning.
Dit is byvoorbeeld moontlik vir 'n leerling wat reeds sestien jaar oud is om voor die einde van die skooljaar vrystelling te kry van verpligte skoolbywoning. Die no=dige aansoekvorms moet van die plaaslike skoolraad verkry

---

17) Kyk paragrawe 4.5. en 5.2.2.

word en die invul daarvan deur die ouers, die skoolhoof en die voornemende werkgewer moet intensief bespreek word met die leerlinge en hulle ouers. Indien vrystelling as die aangewese handeling beskou word, moet die skoolsiel= kundige (maatskaplik) sy aanbeveling skriftelik aan die voorsitter van die skoolraad deurstuur.

6.2.10 Skakeling met ander instansies

Uit die beskouing van die omstandighede in die V.S.A., Nederland, Engeland en in Transvaal blyk dat die skool= sielkundige (maatskaplik) baie nou skakel met ander in= stansies[18].

Die skoolsielkundige (maatskaplik) moet 'n besondere ken= nis hê van en bedrewe wees in die gebruik van gemeenskaps= bronne. Hy is by uitnemendheid 'n skakelbeampte in be= lang van die opvoedeling[19].

Besondere samewerking met die Departement van Volkswelsyn en Pensioene is van kardinale belang[20]. Intieme same= werking met die streeksverteenwoordiger van hierdie depar= tement sal daartoe lei dat die noodsaaklike koördinering van professionele dienste in belang van die kind tot sy reg kan kom. Veral dienste wat kinderhofverrigtinge be= hels moet onder die aandag van die streeksverteenwoordiger gebring word. Die skoolsielkundige (maatskaplik) moet

18) Kyk paragrawe 4.5. en 5.3.

19) Kyk paragraaf 5.3.

20) Kyk paragraaf 5.2.4.

inligting wat in sy besit is aan die verteenwoordiger verstrek. Laasgenoemde moet ook relevante inligting aan hom beskikbaar stel.

Samewerking met geregistreerde welsynsorganisasies moet ver=kry word. Hier word gedink aan byvoorbeeld: C.M.R., Ondersteuningsraad, S.A.V.F. Kindersorgvereniging en Arm=sorgraad. Veral die opgeleide maatskaplike werkers ver=bonde aan hierdie instansies kan 'n onmisbare bydrae lewer.

Daar moet met die Departement van Nasionale Opvoeding deur die hoof van die skoolsielkundige en voorligtingsdiens ge=skakel word. Hulle spesiale dienste, skole en veral hulle beheer oor die nywerheids- en verbeteringskole bete=ken vir die skoolsielkundige (maatskaplik) 'n groot ver=skeidenheid fasiliteite wat tot sy beskikking is.

Skakeling met die plaaslike landdroste sowel as die Suid-Afrikaanse Polisie moet deur die skoolsielkundige (maat=skaplik) bewerkstellig word. Die Kommissaris van Kinder=sorg is die sleutelfiguur, terwyl die samewerking van die publieke aanklaer daartoe kan lei dat leerlinge wat onder hulle aandag gebring word na die skoolsielkundige (maat=skaplik) verwys kan word vir behandeling.

Samewerking met die kringinspekteur, skoolhoofde en skool=raad moet op 'n professionele wyse geskied en gekenmerk word deur die erkenning van die dienste wat deur elkeen in belang van die opvoedelinge gelewer word.

Omdat die skoolsielkundige (maatskaplik) ten diepte besef dat sy werk 'n roeping is, moet hy die samewerking van predikante en ander toegewyde christene verkry.

### 6.2.11 Voorkomingsdienste

Veral in Engeland word klem gelê op voorkomingsdienste deur die opvoedkundige welsynsbeampte[21]. Die skoolsiel=kundige (maatskaplik) het 'n besondere funksie ten opsigte van voorkomingsdienste[22]. So sal hy byvoorbeeld gereel=de toesprake hou by oueraande, V.L.U.-takke, kerkjeugver=enigings, ensomeer. Tydens hierdie geleenthede moet hy onderwerpe rakende die opvoeding van kinders behandel en die werksaamhede van die kinderleidingklinieke onder die aandag van die breë publiek bring.

### 6.2.12 Vertroulikheid

Die vertroulike aard van sy werk bring mee dat die skool=sielkundige (maatskaplik) te alle tye moet sorg dat die inligting waaroor hy beskik en die wyse waarop hy optree van so 'n aard sal wees dat geen ongemagtigde persoon in=sae daarin sal verkry of iemand 'n vinger na hom sal kan wys nie.

---

21) Kyk paragraaf 4.4.

22) Kyk paragraaf 5.4.

## 6.3 Selfstandigheid van die dissipline

Uit die voorafgaande uiteensetting van die terrein en funk= sie van hierdie persoon is dit duidelik dat sy professie 'n selfstandige dissipline is.

Tot en met 1974 was die assistent-sielkundige ondergeskik aan die ander kinderleidingkliniekpersoneel; die voorvoeg= sel "assistent" het aangedui dat hy nie as 'n volwaardige skoolsielkundige beskou is nie.

Slegs deur diê persoon te erken as iemand wat 'n selfstan= dige dissipline beoefen, kan hy tot sy reg kom en as vol= waardige lid van die kinderleidingkliniekspan sy volle samewerking gee.

## 6.4 Opleidingsvereistes

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die persoon wat hom geroepe voel om hierdie dienste te lewer deeglik opgelei moet wees[23].

Uit 'n beskouing van die opleidingsvereistes in die V.S.A. blyk dat die skool-maatskaplike werker in sommige state oor 'n meestersgraad in ôf opvoedkunde ôf maatskaplike werk moet beskik[24]. In Nederland sowel as in Engeland word opleiding in maatskaplike werk as 'n vereiste gestel ten

---

23) Kyk paragraaf 5.3.

24) Kyk paragraaf 4.2.

einde te kwalifiseer vir die poste[25].

Eerstens moet hierdie persoon in besit wees van 'n Baccalaureus-graad met maatskaplike werk en sielkunde as hoofvakke. Hierna moet die onderwysdiploma met spesiali= sering in voorligting of sosio-pedagogiek geneem word. Ten einde te kwalifiseer vir sō 'n pos moet die Baccaluareus-graad in Opvoedkunde met spesialisering in voorligting of sosio-pedagogiek gevolg word. Verdere nagraadse akademiese opleiding moet swaar weeg, byvoorbeeld die graad Magister in Opvoedkunde of maatskaplike werk waarin gespesialiseer word op hierdie besondere terrein.

Dit is noodsaaklik dat hierdie persoon tweetalig moet wees en slegs persone wat die taalbevoegdheidsendossement "AE" of "EA" besit, moet aangestel word.

Tydens sy studiejare behoort hierdie persoon vir praktiese werk by die kinderleidingklinieke van die sielkundige en voorligtingsdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement in te skakel om met die Departementele praktyk kennis te maak. 'n "Internskap" van vier maande of een kwartaal by 'n kinderleidingkliniek behoort deur dië persoon deurloop te word nadat hy afgestudeer het. Hierna kan hy op sy eie in 'n kinderleidingkliniek werk.

---

25) Kyk paragraaf 4.5.

## 6.5 Benaming

Die persone wat in die V.S.A. sowel as in Nederland hierdie dienste lewer word skool-maatskaplike werkers genoem. In Engeland lewer die opvoedkundige welsynsbeampte ("Education Welfare Officer") hierdie dienste[26].

Dit het uit hoofstuk 3 geblyk dat die persoon wat hierdie dienste in die verlede gelewer het verskillende benamings gehad het, naamlik besoekende onderwyser, assistent-skool=sielkundige, assistent-skoolsielkundige (besoekend), assis=tent-sielkundige (besoekend) en assistent-sielkundige. Nie een van hierdie benamings is bevredigend nie.

Die benaming skoolsielkundige (maatskaplik) word verkies. Hierdie benaming gee 'n getroue beeld van die opleiding van dié persoon sowel as 'n aanduiding van sy terrein en funk=sie. Terwyl die woord "skool" op sy opvoedkundige oplei=ding en taak dui, wys die begrippe "sielkundige" en "maat=skaplik" op sy opleiding in dié verband.

## 6.6 Status en salarisstruktuur

Indien die skoolsielkundige (maatskaplik) die voorafgaande opleiding besit, behoort hy dieselfde status en salaris te ontvang as die ander lede van die kinderleidingkliniekspan, naamlik die skoolsielkundige (klinies), die skoolsielkundige (voorligtend) en die skoolsielkundige (ortodidakties).

---

26) Kyk paragraaf 4.5.

## 6.7 Samevatting

Samevattend kan gestel word dat die skoolsielkundige (maat=skaplik) 'n besondere diens moet lewer aan leerlinge wat opvoedkundig-maatskaplike probleme ondervind. 'n Breë ter=rein word deur hom gedek en uit die aard van sy funksies kan afgelei word dat hy deeglik opgelei moet wees om hierdie professionele dienste te kan lewer. Die benaming skool=sielkundige (maatskaplik) dui die aard van sy opleiding, sowel as sy terrein en funksie aan. Hy moet dieselfde sta=tud geniet as sy kollegas verbonde aan die kinderleiding=kliniek en sy salaris moet ook dieselfde wees as hulle s'n.

Hierna volg die finale hoofstuk waarin 'n samevatting en aanbevelings aangetref word.

HOOFSTUK 7

# GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

Die sielkundige en voorligtingsdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement lewer vir meer as sestig jaar onmisbare dienste aan die leerlinge van Transvaal. Uit hierdie ondersoek het dit duidelik geword dat daar veral gedurende die afgelope vyf jaar aansienlike uitbreiding van hierdie diens gekom het[1].

